A. Smit

# Tienuur Maak Die Deure Oop

**('n Toekoms Tragi-komedie)**

**deur**

**Pieter Fourie**

# Rolverderling

| | |
|---|---|
| Abie | Hoteleienaar |
| Sina | Kelnerin/ Kleurling |
| Kortjan | Kelner en Tuinhulp / Griekwa |
| Ja-Juis | African Grey papegaai |
| Manie Viljee | Waardige boer |
| Jim Komminis | Petroljoggie |
| Voorpraat | Skoolhoof |
| Skittery Schalk | Uiters konserwatief |
| Sersant | |
| Yank | Joernalis |
| Gerrie | Fris Jongman |
| Oubaas | Eeue oud. |
| Indoena | Eeue oud |
| Dokter | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste Opvoering | 1986 | AKTV Kampustoneel<br>regie Herman Pretorius |
| Premiere Staatsteater | 1987 | TRUK Arena Teater |
| Ou Presidensie | 1987 | SUKOVS<br>regie Pierre van Pletzen |

EERSTE BEDRYF

'N KROEG IN WITFONTEIN SE HOTEL. DIT IS NOGAL GROOT. BENEWENS DIE GEWONE TOONBANK, RAKKE EN DIE VEERPYLTJIEBORD TEEN DIE MUUR IS DAAR OOK 'N BILJARTTAFEL EN 'N DEUR NA DIE TOILET. HOOG BO-OP DIE RAKKE STAAN BEKERS EN TROFEË. TEEN DIE MURE IS DAAR PRENTE VAN STOETRAMME, PERDE, ENS., ENS., ENS. AS DIE GORDYN OPGAAN, IS DIE EIENAAR, ABIE SACHS, BESIG OM KLEINGELD IN DIE GELDLAAI TE STORT. IN 'N VENSTERBANK SIT JA-JUIS, 'N AFRICA GRAY PAPEGAAI, IN SY KOU.

ABIE (TERWYL HY DIE KLEINGELD IN HUL VAGGIES SORTEER)
Vyftig, twintig, tien, vyf ......al die silwer.........elkeen warmpies in sy nessie. (HY HAAL DIE BRUIN KARDOESIE KOPER UIT DIE BANKSAK EN SORTEER HUL UIT) Twee, twee, een, een, een, twee ..... al die koper .... Elkeen warmpies in sy nessie. (HY STOOT DIE GELDLAAI TOE. HOU SY HANDE UITGESTREK OOP DIE GELDKAS ASOF HY DIT BESWEER)
Aggelaai Maggelaai terragie tarragô
Windpomp shandy dop-en-dam
port en bitters coke en rum
laat die manne spanne
ha-ha-ha
hi-hi-hô
aggelaai maggelaai tarragie tarragô!
(DAN SKINK HY VIR HIM 'N DRANKIE. HY DRAAI OM EN WIL NET DEUR DIE KROEGMANDEUR STAP AS DIE PAPEGAAI LOSTREK)

JA-JUIS Ha-ha-ha
hi-hi-hô

ABIE Shutup, jy! Het hy al weer die deities?

JA-JUIS Ha-ha-ha
hi-hi-hô

ABIE Dis nog te vroeg. Jy ken die wet!

JA-JUIS Ja-Juis

ABIE Ons maak tienuur oop.

JA-JUIS Ha-ha-ha. (ABIE KYK NA DIE DRANKIE IN SY HAND)

ABIE Klein stront! (HY STAP UIT)

JA-JUIS Bleddie Jood!
(SINA, 'N JONG KLEURLINGMEISIE, MET 'N 10 MAANDE BABA IN 'N KOMBERS OP HAAR RUG VASGEMAAK KOM IN MET 'N SKOTTEL GLASE. ALHOEWEL SOMS PLATVLOERS ... IS DAAR IETS TEER EN SUIWER OMTRENT HAAR WAT 'N MENS TREF) Phjuut-phjuu!

SINA (SY VRYF DIE GLASE EEN VIR EEN OP EN PLAAS DIT DAN EENKANT OP DIE TOONBANK. SY IS BUITENGEWOON FLINK EN IN 'N BAIE NETJIESE UNIFORM GEKLEE)
Ja, jy kan gerus fluit, Ja-Juis. Kyk dan net hoe lyk ek, nê?
Dit lyk of baas Abie my deur Kimberley se O.K. Bazaars gesleep het, Vanmôre moet jy sien hoe die Boere se oë skoffel. (ERNSTIGER UITDRUKKING OP HAAR GESIG. POUSE. SY PLAAS DIE LAASTE GLAS OP DIE TOONBANK)
Siestog, die arme goed. Wat maak jy nou ook met 'n strykplank of 'n potjierol?

ABIE (SY STEM) Sina! Sina!

SINA Baas?

ABIE (VERSKYN IN DEUR) O, jy's al hier. En die kind? Jy sal hom moet afhaal voor die deure oopmaak. Ek bedoel .....

SINA Natuurlik, Baas. Ek sal hom los by Ennie in die kombuis.

ABIE Sina .... die "baas"-besigheid moet nou end kry.

SINA Ek't skoon vergeet Baas ... askuus, meneer.

ABIE Reg, Sina ... en onthou nou wat ek gisteraand vir jou en Kortjan gesê het. Maak asof niks gebeur het nie. Dis maar net nog 'n dag. 'n Doodgewone, alledaagse dag. Al verskil is: die till-klokkie sal vandag sy wysie moet ken.

SINA Goed, Meneer.

ABIE As Kortjan kom .... hier's die till se sleutel. (HY GEE DIE SLEUTEL VIR HAAR). Ek stap net gou af garage toe. Sal voor tien terug wees. (HY STAP. GAAN STAAN IN DEUR EN DRAAI OM) Sina, ek moes lankal al 'n plan met daai lyf van jou gemaak het. Volgende keer ry jy saam Kimberley toe. (POUSE). Ek bedoel dan kan jy self aanpas .... self kies.

SINA Dis mos nie nodig nie, Meneer. (SY STOOT HAAR LYF REG) Hy sit my nommerpas. (LAGGIE) Hoe't Meneer dan my mates geken?

ABIE (EFFENS VERLEË) Sina, jy't tog voor my oë opgegroei. Jy weet ....

JA-JUIS Ha-ha-ha!

ABIE Shutup, jy! (BEGIN STAP)

JA-JUIS Bleddie Jood!

ABIE (DRAAI OM) Wat sê jy daar? Sina, hy ry vandag die waterkar. Hy't al weer vroegmôre die dieties. (TOT JA-JUIS) Bleddie Nazi! (ABIE AF)

SINA (STAP TOT BY JA-JUIS) Jy gedra vir jou, hoor. Ek weet ek't jou geleer "bleddie jood", maar jy sê nie "bleddie jood" voor die bleddie jood nie. (SY NEEM 'N STOFLAP EN BEGIN DIE TOONBANK OPVRYF)

JA-JUIS Ja-juis

SINA Kuis ja, maar vandag hou jy jou bek. (SY SIT DIE YSBEKERS OP DIE TOONBANK) Vandag is dit nie net regulars nie. (POUSE) Dis nog posdag boonop! Ou Skittery Schalk sal weer kom port en bitters! (SY VERDWYN AGTER TOONBANK AS SY BUK. DAN VERSKYN SY MET 'N TOILETROL IN HAAR HAND EN STAP DIE TOILET BINNE. NA 'N SEKONDE OF TWEE VERSYN SY WEER).
Dit was gistermiddag natuurlik weer rugby-oefening. Die krip brul die ene leeuplesier! (TERWYL SY WEER NA TOONBANK STAP) Witmeneertjies op die veld, in die huis of by die werk. Maar trek die drank eers bloed toe.... (BITTER LAGGIE) As ek maar kon praat! (SY DRAAI OM EN KYK OP NA DIE BOONSTE RAK) Abie Sachs Wisseltrofee. Jaar na jaar het hy daar gestaan. Volgende jaar staan hy in Teefontein se kroeg. En daar sal hy bly. Sonder Pietman en Bennie kom hy nie terug nie.

JA-JUIS Vrystaat!

SINA Loop bars, jy! (SY GOOI DIE STOFLAP DAT DIT GEDEELTELIK OOR JA-JUIS SE KOU HANG EN VERDWYN DEUR KROEGMANDEUR)

JA-JUIS Wee-pee! Wee-pee! Wee-pee! (LANG POUSE) Griekwas! Griekwas! Griekwas! (KORTJAN VERSKYN IN KROEGMANDEUR. HY IS 'N KORT KÊREL. 'N GRIEKWA)

KORTJAN Jy skrou verniet. Mannatjies Roux het hoeka al retire, en Jack van der Schyff se skop trek nou nog pale toe!

JA-JUIS Ja-juis!

KORTJAN Hou jou bek! (HY HAAL STOFLAP VAN KOU AF) oorlamse vuilgoed. (TERWYL HY AGTER TOONBANK INSTAP) Die Engelse praat ook maar lekker los met hul: A bird in hand, is better than two in the bush! (HY KYK NA JA-JUIS) Wie dink jy is jy? Jy kom daar bo uit Afrika tussen die bosse uit.

KORTJAN Jy moenie dink jy kan hier vir jou kom Witmeneer hou nie. Whiskey suip en "Griekwas" skrou! En ek moet jou dronkverdriet uit jou hok uitskrop! Waar's Sina? Waar's die baas? Mens laat nie 'n kroeg sommer so oop staan.
(HY KYK OM HOM ROND. SKINK VINNIG 'N DOP) Net vir die ou gestelte. (HY KYK WEER. SLAAN NOG 'N DOP WEG) Vandag kou die senuwees. En dis net 'n nagmaalkoffietjie wat help.

SINA (OP MET YSBLOKKIES. SY HET DIE KIND INTUSSEN BY ENNIE IN DIE KOMBUIS GELOS) Môre, Meneer Kortjan.

KORTJAN Soeka jy met jou meneer! Ek is Oompie Kortjan en bly hom tot die deksel klap.

SINA En baas Abie? Gaat jy hom ok nou meneer?

KORTJAN Hoe anders? Mens maak mos soos jou baas sê. (SINA GOOI YSBLOKKIES IN YSBEKERS. HY WYS NA MAATGLAS WAARUIT HY SO PAS GEDRINK HET) Daai nagmaalkoppie stink nog puur gisteraand!

JA-JUIS Ha-ha-ha!

KORTJAN Sina! Sit hom op die black list.

SINA Reg Meneer Kortjan. (GLIMLAG EN VRYF MEETGLAS OP)

KORTJAN (KNORRIG KWAAD) Dit lyk my die gemeneerdery het skoon na julle koppe gegaan. Dit meneer en mevrou en mejuffrou nou net links en regs. Mens sou sweer die hemele het oornag op die lokasie neergedaal. En hoe lank gaan die gemeneerdery hou voor die engele met 'n ander naam op ons neerdaal. Eers is hotnot en kaffer nie goed genoeg nie. Toe so tussen geelbek en houtkop deur toe word ons opgesaal met kleurling en naturel. Maar nee, die Boere het miere op hul tong: toe is dit weer bruinman en bantoe en nog voor 'n mens jou laaste titel in die kop kon kry kom neuk hulle alweer met meneer.

SINA Die Boere smaak ok nie meer van baas en miesies nie. En meneer Abie sê ons moet die voorbeeld stel .... as daai deure vanoggend oopswaai moet ons hulle meneer van 'n kant af.

KORTJAN Lippetaal.

SINA Maak nie saak nie. "Baas en al daai name gee glo aanstoot aan die wittes. En die till-klokkie moet lui want meneer Abie het so effentjies sy nuwe Mercedes loop uittrek.

KORTJAN Maar so 'n jood raak ghrent!

SINA Hier's die till se sleutels.

KORTJAN Aitsa! Mejuffrou Sina is toe sommer oornag 'n bok vir till-sleutels en baaiskoup-klere.... Ek sweer die Jood het die rok op 'n O.K. –sale loop koop.

SINA Ja, jy kan maar sê change is in die air! (POUSE) Al gaan dit so op 'n inflation pace!

KORTJAN (SLUIT GELDLAAI OOP) Haai Sina-kind, dink net: Hier lê die ou wit en bruin geldjies nog so netjies apart en oor tien minute swaai daai deure oop.

SINA Oompie Kortjan?

KORTJAN Ja, Sina-kind?

SINA Ek is maar benoude-boude onder die baaiskouprok! 'n Boer is 'n annerster ding.

KORTJAN Ons leef in 'n annerster wêreld. Die deure het oopgegaan en die dorp sal maar moet oor die drumpels kom.

SINA Hierdie dorp?

KORTJAN My kind, ek't vanmôre so 'n ekstra draaitjie deur die dorp geloop ... En weet jy ... daar hang al klaar glimlagte oor die agterdeure en so hier en daar soek-soek die bene – wit, bruin en swart – na 'n saamstaan vir 'n geselsie. Waar is Preek Petrus vandag?
Ja, en so met die uitblaas van sy asem, sy hand in Voorpraat syne, toe kom die duiwelstaal oor sy lippe. Die volgende dag lê dit die lokasie vol.

SINA Die arme sendeling kou nou maar klippers om die lokasie weer in die kerk te kry. Hoe nader hy hulle aan die kerkdeur kry hoe verder praat Voorpraat hulle weg .... en my Boetie is 'n gerekende man. Veral onder die jongklomp.

JA-JUIS Ja-juis

SINA Shutup, jy!

JA-JUIS Ha-ha-ha!

KORTJAN Jy sal nog jou dinges sien sonder 'n spieël!

SINA Oompie, gooi hom 'n advokaat dat hy met die mossies en muisvoëls fluit en flikvlooi. (KORTJAN MAAK SO) Anders sit ons die heeldag opgeskeep met sy horries en dronkverdriet! (SY BEGIN LOOP NA KROEGMANDEUR) Dit was gister weer rugby-oefening. Ek gaan kry net van daai toiletniekerbols vir die krip. (SY VERDWYN)

KORTJAN (NOG STEED DOENIG OM DIE ADVOKAAT TE MENG) Jy soek daai mosse- en muisvoëlwyfies al hoeka, hê. (HY STAP NA KOU EN GOOI DRANKIE IN JA-JUIS SE WATERBLIKKIE) Traai liewer daai juffrou naguil vanaand in die bloekom.

JA-JUIS Ha-ha-ha!

KORTJAN As jy haar vastrap sorg ek dat jy mascot raak vir die eerste span.

SINA (OP EN NA TOILET. VERSKYN DAN WEER) Nou kan 'n mens tog weer asemhaal.

KORTJAN Is alles nou reg?

SINA Die toonbank is skoon, die glase gewas, die krip is geperfume en vir wat voorlê was ek my hande in onskuld.

KORTJAN (LOER DEUR VENSTER) Daar trek baas Abie nou sy Mercedes by die pomp in. Jim staan hom met gevoude arms en kyk. Aits, die Duitser gryp self die pomp se gorrel. Nou spog daai chairman van die rugby-unie darem dat die son weerskaats.

SINA 'n Goue hart ... daai Jood. Ek hou net nie van die diamante in sy oë as hy na my kyk nie!

KORTJAN Pietman, ja. Daar was nou vir jou 'n goue hart. Sommer sakke aartappels of uie met Krismis in die lokasie kom uitdeel .... onthou jy die slag toe die sneeustorm sy afgeskeerde ooie tref. Seker 'n honderd dood ... daardie einste nag nog toe kom sy lorries met die karkasse, voor hulle kon opblaas. Toe weet 'n bruinman darem wat die Bybel bedoel met die vleispotte van Egipteland! (POUSE) Net Voorpraat was te witmeneer om daaraan te eet! (STIL) Ja. En skaars 'n jaar later toe kry ons Baas Pietman aan 'n spanriem bo in die bloekomboom. (SINA ONGEMAKLIK) Die laaste ram in die bloedlyn van die Viljees. En die volgende oggend vir Saarts .... in die nis van 'n stuk doringdraad aan die markplein se klok. Baas Abie was amper van sy kop af. Sy kaptein en sy onderkaptein .... En toe kom Teefontein en hy vat die beker .... vir die eerste keer!

SINA (STIL) Ek loop vryf net gou die koper op. (VERDWYN DEUR KROEGMANDEUR)

KORTJAN Ophang .... ja goed en wel soos Pietman met 'n spanriem. Maar 'n doringdraad. Baas Saarts wou sweerlik iets vir ons sê .... (KNOP IN SY KEEL) Haai o Here, hoe gebeur sulke dinge dan tog? En arme

oubaas Danie Viljee .... hy was nog nooit weer hier in die kroeg nie. En hy was tog so lief vir sy scotch en soda.

JA-JUIS Phuut-phuu. (HY BEGIN FLUIT. HOU OP EN FLUIT DAN WEER)

KORTJAN Is jy wragtig agter die muisvoëlwyfie aan? (LOER DEUR VENSTER EN WAAI MET SY HAND) Phit! Soeka jy! Dis net sy oumansklier! (POUSE) Hotnot! Kyk dan net hoe kom Abie die straat hier op. Daai Mercedes kruip eintlik soos in 'n begrafnisstoet. Jim maak of hy niks sien. Bleddie kommunis. (HY STAP VINNIG NA GELDKAS. SLUIT DIT EN VERDWYN DEUR KROEGMANDEUR. BUITE SLAAN 'N MOTORDEUR TOE)

ABIE (SY STEM) Môre, Kortjan.

KORTJAN (STEM) My baas, my baas ..... geluk my koning.

ABIE (STEM) Sy boekie sê hy kry nie polish nie ... net goed opvryf met die sjemmie.

KORTJAN (STEM) En dan moet jy seker ook nog jou vingernaels knip! (ABIE EN KORTJAN LAG HARTLIK SAAM)

ABIE (VERSKYN IN KROEGMANDEUR. AGTER HOM KORTJAN. ALBEI NOG STEEDS MET 'N GLIMLAG OP DIE GESIG) Kortjan, vir veertig jaar getroue diens gaan ek jou beloon. Ek gaan vir jou leer bestuur.

KORTJAN My baas!

ABIE Kry nou end met jou "baas" besigheid! Wat skort dan met "meneer"?

KORTJAN Klink so na 'n vreemde trêweler of onderwyser waarvan mens praat. Ek kom nog uit die ou Testament.

ABIE Noem my wat jy wil. Laat los net die "baas".

KORTJAN (POUSE) Nou maar goed .... dan vat ons mekaar maar op die naam. O.K. Abie?

ABIE O.K. Kortjan. (HY STEEK SY HAND UIT)

KORTJAN (VAT SY HAND] Aangename kennis.

ABIE Ok so (HULLE SKUD BLAD)

KORTJAN As jy my dalk wil oompie Kortjan gaan ek akkoord .... net ter ere van die grys ou peperkorrels.

ABIE Oom, maar nie oompie nie. Kyk Kortjan, ons wil die ding uitroei van vandag af. Wortel en tak
(BEGIN STAP) Kortjan, haal genoeg brandy en whiskey uit. En gaan kry nog 'n bottel port uit die stoor. Ek sien oubaas Schalk ....

KORTJAN Hoesê? (SINA VERSKYN AGTER HOM IN DEUR)

ABIE Ag dêmmit, ou Skittery Schalk is ok in die dorp. Kry genoeg port en bitters.
As die manne net wil saamstaan kan Voorpraat hierdie seisoen dalk Pietman se plek vat.

KORTJAN Hy kan traai .... maar Pietman se plek vat? Daai sal ons eers moet sien. (HY AF)

SINA Meneer Abie moet liewer die kar loop wegtrek onder die bloekom uit.

ABIE Om in die son te staan en bak?

SINA Dis amper asof hy van sy gom in die somer bêre .... en dan as die rugbyseisoen begin.... dan bloei hy sy laaste bietjie

ABIE (HALF DEUR DIE VELD GESLAAN) Wat praat jy dan nou, Sina?

SINA (STIL) Meneer Abie was tog self daar. Ek't nog vir meneer kom roep .... voor sonop. Mens kaan maar sê ons het hom assetware saam daar kegry.

ABIE (POUSE) Ai, as daar darem ooit 'n losskakel was dan was dit hy. Wat hom besiel het om so iets aan te vang verstaan niemand tot vandag nog nie. Ons bly maar net onsself vaspraat in raaisels.

SINA (MET 'N BITTER GLIMLAG) Ja.

ABIE Waar sou Voorpraat vandag sonder hom gewees het? Beslis nie skoolhoof nie. Hoe verstaan mens sulke dinge (POUSE) En die volgende oggend toe is dit Bennie.

KORTJAN (OP MET TWEE BOTTELS PORT. HY HOU HULLE IN DIE LUG OP) Net vir ingeval Oubaas Schalk die gier kry om oor te slaap. (HY PLAAS DIE TWEE BOTTELS OP DIE RAK)

ABIE (HY SKINK VIR ELK 'N GLAS SJAMPANJE. HULLE GAAN SIT BY DIE TOONBANK) Wel, oor 'n paar minute maak die deure oop....

KORTJAN (HY KNIPOOG VIR SINA) En ons skink vir alle kleure en geure.

ABIE (AL DRIE LIG HUL GLASIES. DAN KLINK HULLE DIT OOR EN WEER) LeChaim! (HY SLUK)

KORTJAN Koebaai kaia! (HY SLUK. SINA KYK NET NA DIE GLAS IN HAAR HAND)

ABIE En wat dan van jou, Sina?

KORTJAN Toe-toe, jong!

SINA Meneer Abie, Oompie Kortjan ... dis seker 'n snaakse ding vir 'n meisie wat in 'n hotel werk: maar ek het nog nooit shampanje oor my lippe gehad nie. Dit was vir my nog altyd iets vir 'n troue ... of

... of vir 'n spesiale okasie ... (POUSE) ... soos as die dorp die beker wen. (SY PLAAS HAAR GLASIE TERUG OP DIE TOONBANK)

ABIE Kortjan, kom voel hoe ry sy. Ons trek net die kar onder die bloekom uit (ALBEI DEUR KROEGMANDEUR)

SINA (SY KLIM OP DIE TOONBANK EN KLINK HAAR GLASIE TEEN DIE RAKPLANK TUSSEN DIE WHITE HORSE EN JOHNNY WALKER BEELDJIES) Op jou ... Pietman. (SY PLAAS DIE GLASIE VOOR HAAR LIPPE, DRINK HOM LEEG, HOU DIT VIR 'N OOMBLIK TEEN HAAR BORS EN PLAAS DIT DAN VERSIGTIG WAAR DIE TROFEE ALTYD GESTAAN HET. SY KLIM VAN DIE TOONBANK AF. SY SKINK NOG 'N GLASIE. SY KYK NA 'N RUGBY-SPANFOTO TEEN DIE MUUR) Op jou guts Bennie. Ek het die tang, jou rewolwer en die bloudraad onder jou waar jy aan die markklok hang sien lê ... (SY LIG DIE GLASIE SJAMPANJE) Op jou guts! Verraaier! (SY GOOI DIE GLAS AAN SKERWE TEEN DIE SPANFOTO)

JA-JUIS Vrystaat!

SINA Waarom het hy om die randjie na die gnuis-gat gekom? Net roetine patrollie? Nee, nie die tyd van die nag nie ... niemand kan tog geweet het nie. Dit was donkermaan. Ons het sonder ligte gery ... (BITTER LAGGIE) en het ons nie die paadjie geken nie? Toe, toe skyn jou flits deur die lorrie se syvenster ... ek kon jou gesig nie agter die flitslig sien nie. Maar ek het jou stem gehoor: "Jesus, Pietman ...wat maak jy?" En toe .... toe't jy net so verdwyn. Ons wou jou afterna sit ...

ABIE (OP) Jy was reg, Sina. Die verdomde bloekom drup nog gom ... twee blertse op die bonnet!

SINA (STIL) Ja meneer, hy bloei nog. (RUK HAARSELF REG) Ek sal dit loop afhaal.

ABIE Kortjan is klaar besig.

SINA — Ek loop kry vir hom spirits in die kombuis. (AF)

ABIE — Bleddie gemors! Die munisipaliteit moet die ding kom afsaag. Dan sal hierdie ritueel van kroegpraatjies en spekulasie oor Pietman dalk ook op 'n end kom.
(STAP NA VEERPYLTJIEBORD. TREK DIE PYLTJIES UIT EN STAAN OP DIE GOOISTREEP) Hel! Maar sy het darem 'n lyf op haar (HY GOOI 'N PYLTJIE)

JA-JUIS — Innie kol! Innie kol!

ABIE — Met daardie low-cut uniform aan sal sy 'n bleddie lekker snoekerpaartner maak (HY GOOI TWEEDE PYLTJIE)

JA-JUIS — Innie kol! Innie kol!

ABIE — Shutup jy! (HY GOOI DERDE PYLTJIE)

JA-JUIS — Mis!

ABIE — Sina, hier (GOOI PYLTJIE) kom (GOOI PYLTJIE) ek! (GOOI PYLTJIE) Nie sleg nie, glad nie sleg nie. (STAP NA BORD EN TREK PYLTJIES UIT) Pasop nou Abie, pasop nou. Al kan die deure en bene nou maar oopgaan, as hulle vir jou agterkom is biesnis ook nie meer biesnis nie! (TERUG NA GOOISTREEP) En as haar boetie Voorpraat dit te hore kom druk hy my nekwerwels af! (HY REGISTREET IETS) Voorpraat, jy's (GOOI PYLTJIE) die volgende (GOOI PYLTJIE) Losskakel! (GOOI PYLTJIE. HY STAP EN TREK PYLTJIES UIT)
(SINA OP MET 'N GIETER IN DIE EEN HAND. SY STAP MET DIE GIETER NA DIE SWAAIDEURE)

ABIE — Waar gaan jy met die gieter?

SINA — Die Griek se teef is loops en al die dorp se honde kom beenlig teen die bloekom. (SY DRAAI SLEUTEL IN DEUR, MAAK DIE DEUR OOP EN STAP UIT. SY TREK WEER DIE DEUR AGTER HAAR TOE)

ABIE (POUSE) Jy weet Kortjan, ek is nou natuurlik al klaar met die dinge, maar as ek 'n jongman was .... en met die wette nou in hulle maai .... dan sou ek darem nie vir haar so maklik laat losloop het nie.

KORTJAN Haai, Abie, jou vrou draai in haaf graf in om! Sy't die dag voor haar dood nog pannekoek gebak vir die H.N.P. (SINA WEER OP MET GIETER EN 'N KLEIN HANDBYLTJIE IN DIE ANDER HAND. SY MAAK WEER DIE DEUR AGTER HAAR TOE)

ABIE En waar kom die handbyltjie nou vandaan?

SINA Lê hier langsaan in die gangetjie by die houtstoortjie. (SY PLAAS DIT IN 'N RAK ONDER DIE TOONBANK) Ennie weet sy plek is hier. Maar nee .... dit word buite laat lê. (SY TEL GLASSKERWE OP EN STAP DEUR KROEGMANDEUR)

KORTJAN Nou't daai bloekom haar weer omgekrap.

SINA (HAAR STEM) Jy kan dit nog 'n slag sê.

KORTJAN Ja, sy verdien haar geld! (SINA OP)

ABIE Nouja, nog sewe minute .... dan maak ons geskiedenis.

KORTJAN Mag die vader gee dat ons nie dalk oor sewe minute geskiedenis is nie.

ABIE Bog, ek het daardie nuwe Mercedes loop koop – op terme natuurlik – om as voorsitter van die rugby-unie en as sakeman my vertroue in wat voorlê aan die hele dorp te demonstreer.

SINA Ek weet nie so mooi nie, meneer Abie.

ABIE Sina, ek was nou in die straat af garage toe. By die winkel, die kafee, die slaghuis .... dit lyk nou wel 'n bietjie snaaks om een oggend wakker te word en jou dorp so anders te kom kry .. maar

daar gebeur niks nie. Soos ek reeds gesê het: Maak asof dit maar net nog 'n dag is.

KORTJAN Ek sou nou nie sê Sina lyk asof dit maar net nog 'n dag is nie ... en die nuwe baadjie en broek voel vir my ook maar vreemd. En wat van jou Mercedes, Abie? Ja, wat van my Abie sonder die baas? Nee, net nog 'n dag is dit darem nie heeltemal nie. Tot oubaas Danie Viljee is ook in die dorp. Hy was nog nooit weer hier sedert die ding van Pietman nie.

ABIE Hy's voorsitter van die stoettelersvereniging en hulle het juis vanmiddag 'n vergadering.

KORTJAN Straat, winkel en slaghuis is nie hotel nie, Sina, hoe't jou Pa Preek-Petrus nou weer gese.

SINA Oja: "Broers en Susters, dit staan nie so opgeteken in die Woord van onse Verlosser nie, maar ek Preek Petrus, sê vir julle: So moeilik as wat dit vir 'n kameel is om deur die oog van 'n naald te kom, so maklik is dit vir die gruwels van 'n mens om in die oog van die hotel of deur die oog van 'n bottel te kom".

ABIE Ja, as daar iemand uit hierdie gemeenskap in die hemel is dan is dit Preek Petrus.

SINA (BITTER LAGGIE) As jy maar sy laaste woorde kon hoor, meneer Abie. Sy hand in Voorpraat syne terwyl hy praat. So asof hy dit as erfporsie vir sy seun wou gee.

ABIE (DIE TELEFOON LUI) Sina, gaan praat jy maar. So 'n vriendelike meisiestem is net die medisyne om 'n nugter maag in die oog te kry.

SINA Een-sewe – die hotel hier. Dis juffrou Sina Beukes. Mnr. Abie? Ja, hy's hier. Ek roep hom (ABIE OP EN NA TELEFOON) Dis die polisie.

JA-JUIS Bennie! Bennie!

ABIE — Hallo. (SINA TERUG NA KORTJAN) O, goeie môre, Sersant. Nee. Alles in orde dankie. Dit sal nie nodig wees nie. Asseblief nie, Sersant .... u teenwoordigheid kan net spanning veroorsaak. Dankie vir die gedagte. Ja, goed ek sal bel as ek u nodig het. Totsiens, Sersant. (PLAAS TELEFOON TERUG, STAP TERUG) Tot die polisie is al op hul senuwees. Wil vir ons beskerming kom gee. Net vir die ingeval. (POUSE) Nog twee minute dan's die koeël deur die kerk.

KORTJAN — En die till speel die klokkiewals dat dit klink of Nico Carstens hier is vir die hoteldans.

ABIE — Sina, Kortjan.... kom ons vat 'n weddenskap wie stap eerste deur die swaaideure. Die wenner kry 'n bottel sjampanje.

KORTJAN — En as Sina wen?

SINA — Sy drink sjampanje.

ABIE — Goed, dan begin ons. Ons gaan op ouderdom af. Oompie Kortjan, jy eerste.

KORTJAN — Wel as .... ja, dit is mos posdag. Eerste is Skittery Schalk

JA-JUIS — Tjorts!

ABIE — Wag, wag, laat ek sien. Jim Kommunis van die petrolpompe ... of ... Voorpraat.

ABIE — En nou's dit jou beurt, Sina.

SINA — (STIL) Pagoed sou gesê het: "God!"

ABIE — Maar wie sê jy?

SINA — Hy't op sy sterfbed vir ons gesê wie's God.

ABIE Gesê wie's God?

KORTJAN Sina-kind! (DIE KERKHORLOSIE SLAAN TIEN SLAE. ABIE STAP DEUR DIE SWAAIDEURE EN SLUIT DIE BUITEDEUR OOP. HY MAAK DIT OOP EN KOM TERUGGESTAP. SIT BY TOONBANK. SINA EN KORTJAN STAAN AGTER DIE TOONBANK. 'N DOODSE STILTE – SELFS 'N SPANNING – MET DIE OOP DEUR WAARNA HULLE STAAR EN NIEMAND IN SIG NIE. NOG 'N PAAR SEKONDES GAAN VERBY, MAAR DIT VOEL SOOS 'N EWIGHEID. DAN KOM DIE EERSTE KLIENT DIE KROEG STADIG INGESTAP. HY IS ENIGIETS TUSSEN 100 EN 300 JAAR OUD. 'N VELDHOED SOOS DEUR DIE VOORTREKKERS GEDRA, 'N BANDOLIER EN VOLLE UNIFORM UIT DIE BOERE-OORLOG MET GEWEER OOR DIE SKOUER. SY BAARD HANG AMPER OP SY SKOENE. IN SY EEN HAND 'N VIERKANTIGE TASSIE. IN DIE ANDER SY KIERIE. HY STAP SWAAR EN STADIG. EN STADIG BETEKEN HIER STADIG. HY GAAN SIT BY DIE VERSTE PUNT VAN DIE TOONBANK. PLAAS TASSIE EN GEWEER MET GROOT GESUKKEL VOOR HOM OP DIE TOONBANK. HY DOEN NIKS VERDER NIE. SE NIKS NIE. WAT HOM AAN BETREF IS HY NIE BEWUS VAN IETS OF IEMAND RONDOM HOM NIE)

KORTJAN (KOM EERSTE TOT VERHAAL. DAN FLUISTEREND AAN ABIE WAT AMPER VERSTEEN OP DIE KROEGSTOELETJIE BLY SIT EN KYK NA DIE LEE DEUR-OPENING) Meneer Abie, ek en Sina moet vir hom "baas" of daar's vandag perde in hierdie hotel!

ABIE Vir wie? (HY KYK NOG STEEDS ASOF GEHIPNOTISEERD NA DIE SWAAIDEURE. DAAR IS EGTER NIEMAND IN SIG NIE)

SINA (FLUISTEREND) Vir hom. (ABIE DRAAI OM NA SINA) Vir hom. (SY WYS)

ABIE Die deure is nou al meer as 'n minuut oop en hier is nog niemand nie ... dis regitig nie nou tyd om te kom staan en grappies maak nie.

KORTJAN (FLUISTEREND) Sien baas Abie hom dan nie? (SY OE WORD AL HOE GROTER)

ABIE Ek sien niemand nie en ek hoor ok nie die till-klokkie lui nie!

KORTJAN (LANG POUSE. DAN BAIE STADIG) O,Golla!

SINA (BANG) Wat?

KORTJAN (MET GROOT OE. DAN BAIE STADIG) Spook. (SINA EN KORTJAN BEGIN 'N TRAPSUUTJIESLOOP NA DIE KROEGMANDEUR. HUL OE BLY EGTER VASGENAEL OP DIE OUBAAS. ABIE, OP SY BEURT, BETRAG DIE TWEE MET ABSOLUTE ONGELOOF. SODRA HULLE DIE DEUR BEREIK VERDWYN HULLE SOOS 'N WEERLIGSTRAAL)

ABIE Wat de hel is dit dan nou! (HY AGTERNA, ONS HOOR SY STEM) Sina! Kortjan! Sina! ('N PAAR OOMBLIKKE DOODSE STILTE. DAN VERSKYN JIM EN VOORPRAAT. HULLE STAP SELFVERSEKERD – EINTLIK UITDAGEND EN TRIOMFANTLIK DIE KROEG BINNE. DAN SIEN HULLE DIE OUBAAS. ALBEI GAAN STAAN, ASOF VERSTEEND. VREESBEVANGE STAAN HULLE. DIE OUBAAS KOM VINNIG ORENT. DAN STORM HULLE DIE KROEG UIT. DIE OUBAAS GRINNIK INGENOME. ONS HOOR ABIE SE STEM BUITE VOOR DIE VENSTER TERWYL HY HARD SKREEU) Jim! Voorpraat! Vir wat hardloop julle weg? Kom terug! Kom! (TERSYDE) Wat de hel is dan nou aan die gang? (ABIE VERSKYN NOU IN DIE OPENING VAN DIE BUITEDEUR. DIE OUBAAS MAAK DIE VIERKANTIGE TASSIE OOP. SY BEWEGINGS IS SKRIKWEKKEND STADIG. HY HAAL 'N BOEREKONSERTINA UIT EN SUKKEL SY VERRIMPELDE HANDE IN DIE TWEE LEERHANDVATSELS IN. HY KRY SY SIT EN DAN BEGIN HY "DIE STEM VAN SUID-AFRIKA" OP DIE KONSERTINA TE SPEEL. DAAR IS IETS STADIGS, TREURIGS EN BITTER IN DIE RITME MAAR DIE VOLUME WORD AL HOE HARDER EN STERKER SOOS HY AANHOU MET SPEEL. ABIE DRAAI MOEDELOOS OM, STAP DEUR DIE SWAAIDEURE EN KOM STAAN AGTER DIE TOONBANK VOOR DIE GELDLAAI. SY GESIG EN HOUDING DIE VAN IEMAND SKOON UIT DIE VELD GESLAAN. DIE

KONSERTINA KERM VOORT MET DIESELFDE WYSIE, MAAR NOU ONTSETTEND HARD.

ABIE So stil soos die graf: (DIE KONSERTINA KERM VOORT. DIE OUBAAS HOU OP MET SPEEL. PAK SY KONSERTINA WEER IN DIE TASSIE IN. DOODSE STILTE. SEKONDES GAAN VERBY)

KORTJAN (VERSKYN VERSIGTIG IN KROEGMANDEUR) Wie speel dan volkspeletjies so vroeg in die môre?

ABIE (SKRIK) O, dis jy, Kortjan. (SINA VERSKYN AGTER KORTJAN)

SINA Nee, dis nie oompie Kortjan nie, en dis ook nie die draadloos nie – hy staan in die kantoor!

ABIE Wie?

SINA Die draadloos.

KORTJAN Wie het dan gespeel?

ABIE Wat?

KORTJAN Volkspeletjies!

ABIE Kortjan, Sina, kyk ek weet nie waarvan julle praat nie. Maar ek is nou moeg vir julle speletjies! Kom staan hier agter die toonbank, of loop ... loop en maak dat julle wegkom!

KORTJAN (BIETJIE NADER. HY SIEN OUBAAS. FLUISTEREND AAN SINA) Daar sit hy nog.

SINA (FLUISTEREND) Op dieselfde plek.

KORTJAN Net daar ....

SINA (BAIE STADIG) O,Golla!

KORTJAN Sina-kind

SINA Oompie Kortjan?

KORTJAN Gaan maak vir hom koffie.

SINA & ABIE Koffie?

KORTJAN Koffie, ja.

SINA & ABIE Hoekom koffie?

KORTJAN As hy die koffie drink dan weet ons hy is.

SINA Natuurlik, ja. (SY VERDWYN DEUR DIE DEUR)

ABIE (SARKASTIES) En as hierdie "hy" van julle nou nie die koffie drink nie. Wat weet julle dan?

KORTJAN My grootbaas, Abie, dan weet ons nie meer nie! (DIE TELEFOON LUI. IETS DRINGENDS DAARAAN. SOOS 'N HOOFLYNOPROEP)

ABIE (NEEM GEHOORBUIS) Hallo. Ja, dis Abie hier. Wat is dit nou weer, Sersant? Jim Kommunis en Voorpraat? Ja, .... hulle was hier. Nonsens! Ek sê vir jou hier is niemand in sig nie. Sina en Kortjan loop ook met die storie, maar ek sê vir jou hier is niks en niemand nie. 'n Geweer? Ek weet dis teen die wet, ja. Maar kom kyk dan self! Kom arresteer hom sommer! Good, sersant. Totsiens.

KORTJAN Wat sê die saarts?

ABIE Hy kom julle kêrel haal. Sê hy't glo 'n geweer ook by hom.

KORTJAN So is dit, ja!

ABIE (SARKASTIES) Natuurlik, ja. Jim en Voorpraat het hom ook gesien. Hou julle hom nou maar hier met die koffie, ek stap straataf om my kliente te soek.

KORTJAN Asseblief, baas Abie, los ons tog nie alleen hier nie.

ABIE Maar jy sê dan julle is nie alleen nie. (DEUR SWAAIDEURE NA BUITE)

KORTJAN (VERSIGTIG EN DAPPER TOT OUBAAS) My oubaas, die ou swartvel hy is rêreig nie soos die mense van vandag nie. Hy ken sy plek. (GEEN REAKSIE VAN OUBAAS) Sowaar my oubaas .... die ou swartnerf se pa hy het saam met die Boere in die veld gegaan .... by Magersfontein, by Paardeberg by .... sowaar my oubaas ek kom nog uit die Ou Testament. (GEEN REAKSIE) My grootjie hy was 'n neef van Adam Kok .... maar toe die ou Voortrekkers oor die Gariep kom .... toe gaat hy saam met daardie banja goeie christenmense. Ja, dit is so my oubaas, hulle hette vir hom galeer om te lees daar by die Bybel. (GEEN REAKSIE) En baas Pietman was 'n baie beter losskakel as Voorpraat. Auk, my oubaas, praat dan tog nou met die ou swartvel. (OUBAAS KLIK MET SY VINGERS. TWEE KLONKIES MET SLEGS DEURTREKKERS AAN KOM DIE GROEG INGESUKKEL MET 'N GROOT OU WAKIS. DIE KLONKIES IS NIE OUER AS TIEN JAAR NIE. AS HULLE BY DIE OUBAAS KOM PLAAS HULLE DIE WAKIS OP DIE VLOER NEER. DIE OUBAAS WYS MET SY HAND NA DIE DEKSEL EN DIE EEN KLONKIE MAAK DIT OOP. DIE ANDER HAAL 'N GROOT OU FAMILIEBYBEL UIT EN GEE DIT VIR DIE OUBAAS. ALBEI STAAN MET UITGESTREKTE HANDE ASOF HUL WAG VIR 'N FOOTJIE. SINA VERSKYN IN KROEGMANDEUR MET KOFFIE EN GAAP DIE TONEELTJIE AAN. DIE OUBAAS STOOT DIE GEWEER UIT SY PAD, SLAAN DIE BYBEL OOP)

OUBAAS (HY LEES) Josua negen versen een-en-twintig: "Verder ziden de voersten tot hen: Laat het leven, en laat ze houthouwers en waterputters zijn."
(HY SLAAN DIE BYBEL TOE EN PLAAS DIT MET DIE NODIGE EERBIED EENKANT. DIE KLONKIES STAP GEDWEE AF)

KORTJAN (FLUISTEREND AAN SINA) Los die koffie! Probeer water!

SINA (SAG) Nee, as 'n ou Boer 'n swak het, dan is dit koffie. (SY TREE VERSIGTIG NADER MET DIE KOPPIE KOFFIE. PLAAS DIT VOOR DIE OUBAAS) Met die komplimente van die bestuur, my oubaas. (SY BEWEEG VINNIG TERUG NA KORTJAN. DIE OUBAAS BUK AF EN HAAL 'N STUK DROE NESKUIT UIT DIE WAKIS. HY WEEK DIE BESKUIT IN DIE KOFFIE EN EET DIT)

KORTJAN Janee, hy is! (OP EN BEWEEG NADER AAN OUBAAS. NOU VOL SELFVERTROUE) Môre my oubaas, en waar kom die Oubaas vandaan? (DIE OUBAAS KLIM VAN DIE KROEGSTOELETJIE AF, HAAL 'N GROOT PORTRET VAN DIE SLAG VAN BLOEDRIVIER UIT DIE WAKIS EN STAP NA VEERPYLTJIEBORD. HY HAAL ALMANAK MET PRIKKELPOPFOTO AF EN HANG PORTRET OP DIESELFDE PLEK)

SINA Hy moet darem baie oud wees.

KORTJAN So oud soos die berge. (TEEN DIE TYD IS DIE OUBAAS AL WEER BY DIE WAKIS. HAAL N FOTO VAN JOPIE FOURIE UIT
EN HANG DIT OP BO-OOR 'N ALMANAK MET 'N RENMOTORPRENTJIE)
Hy smous met entieks!

SINA Hy's self 'n entiek! (OUBAAS HAAL 'N BLIKPAALTJIE UIT DIE WAKIS. STAP NA SWAAIDEURE EN HANG "SLEGS BLANKES" BORDJIE OP)

KORTJAN Wat het ek jou gesê! Hy smous met entieks!
(PROBEER HARD OM OP DIE AFSTAND TE LEES. DIE ANDER KOM HY MEE AANGESTAP NA DIE GLEDKAS. KORTJAN EN SINA GEE VERSIGTIG PAD. HE VERBERG DIE GELDKAS DAARMEE. DIT IS 'N PORTRET VAN ADOLF HITLER. OUBAAS WEER NA SY PLEK. KORTJAN EN SINA VERSIGTIG TERUG NA DIE TILL)

SINA Hy's ten minste eerlik.

KORTJAN Hoeso?

SINA Hy kon al die geld gevat het!

KORTJAN (LOER VERSIGTIG OM GELDKAS EN SIEN PORTRET VAN HITLER. DAN BAIE STADIG) O'Golla!

SINA Wat?

KORTJAN Baas Abie kry die aapstuipe!

SINAS (OUBAAS WEEK WEER 'N BESKUIT) Hy's honger.

KORTJAN Het die kombuis pap en wors?

SINA Nee, net bacon en eggs.

KORTJAN (KRY INGEWING. NEEM 'N PLASTIEKPAKKIE MET GEKERFTE BILTONG EN STAP NA DIE OUBAAS) Probeer hom, my Oubaas. (PLAAS DIT VOOR OUBAAS EN DAG GAAN HY TERUG NA SINA) Hy esse banja lekker .... ky kom daar uit by die boud van die vollestruis. (DIE OUBAAS BUK AF EN HAAL 'N TAMAAI STUK BEESBILTONG UIT DIE WAKIS. KORTJAN VINNIG NADER MET SY KNIPMES) Hy's lekker skêrrip. (OUBAAS HAAL OOM PAUL KRUGER MES UIT SY SAK EN BEGIN KERF) Sina, dis 'n Oom Paul-mes daai. Hy moet wees. Dit kan nie annerster nie. Koffie, beskuit, biltong en 'n Oom Paul-mes. Hy is!

SINA Dalk wil hy nog koffie hê. (SY STAP NADER. KOM VINNIG TERUG) Die koppie is not tjok-en-blok vol! Ek sê jou: hy is nie! (OUBAAS OP EN STAP MET SY GEWEER DIE TOILET BINNE. GELUID VAN MAN WAT URINEER!) Nee, o hel. Hy is!!!

SERSANT (OP) Môre Kortjan. (BAIE VRIENDELIKE) Goeie môre mejuffrou Beukes.

SINA Baas Sersant, tel tog maar jou woorde!

SERSANT Ek verstaan nie, Sina

SINA Dis beter baas. Die oubaas sal nie van die gemejuffroury hou nie. Hy is 'n boere Boer, sê ek vir sersant.

SERSANT O, is dit nou die man wat ek kom arresteer? Maar waar is hy?

KORTJAN Hier staan sy wakis, bybel en konsertina.

SERSANT Waar?

SINA (SY WYS) Daar.

SERSANT Ek sien net 'n koppie.

SINA Koffie, ja. Dis ok syne.

SERSANT O, ek sien ja. Maar waar is hy? (SARKASTIES) Sit hy ok daar?

KORTJAN Nee, hy fluit net gou in die toilet.

SERSANT Nouja, dan trap ek hom sommer net daar vas!
(BEGIN LOOP)

SINA Fyntrap, baas Sersant, hy't sy geweer by hom.

KORTJAN 'n Regte Voorlaaier!

SERSANT (DRAMATIES) Dankie vir die waarskuwing! (HY TREK SY REWOLWER DRAMATIES UIT EN STAP FILMIES NA DIE TOILETDEUR. KORTJAN EN SINA VERDWYN AGTER DIE TOONBANK. NET VOOR HY BY DIE DEUR KOM KOM DIE OUBAAS BY DIE DEUR UIT EN STAP VLAK LANGS SERSANT VERBY NA SY PLEK. SERSANT MERK NIKS, STAAN VIR 'N OOMBLIK FILMIES-DRAMATIES MET SY RUG TEEN DIE KOSYN EN STORM DAN DIE TOILET BINNE) Hands up!

KORTJAN & SINA (NOG STEEDS AGTER TOONBANK) Hy het hom! (HUL KOPPE VERSKYN)

KORTJAN (SIEN OUBAAS. FLUISTER AAN SINA) Daar staan die Satanskind al weer!

SERSANT (VERSKYN) Ek laat my nie weer vir die gek hou nie!

KORTJAN Daar is hy! Kyk!

SERSANT (SPEEL TONEEL) Natuurlik. Môre, oom. Mooi geweer wat oom daar het. Nouja, ek het werk. Totsiens, oom, totsiens, Kortjan. Juffrou Beukes, sterkte hoor! (HY STAP DEUR SWAAIDEURE EN DIE KROEG UIT. DIE OUBAAS GEE HOM 'N VUIL KYK AS HY "JUFFROU" BEUKES SE. HY DRINK DIE KOPPIE KOFFIE LEEG EN STAAN ONGEMERK OP EN GAAN SIT OP 'N VELDSTOELETJIE, WAT HY UIT DIE WAKIS HAAL, AGTER DIE BILJARTTAFEL EN SLAAP)

SINA Die Boer is net so bang soos die Jood! Maak kamma of hulle hom nie sien nie maar maak hulle darem gou genoeg uit die voete uit.

KORTJAN En ons moet die gelag betaal.

SINA Jy praat van lag, ek gee hom my week se pay as hy maar net wil smaail!

SERSANT (SY STEM) Jim, Voorpraat ... stap maar in. Daar's niemand nie. (VOERTUIG VERTREK)

SINA Nou's hy een teen vier.

KORTJAN Help niks! Kyk daai portret van Bloedrivier. (HY WYS NA BLOEDRIVIERPRENT) En toe was hy een teen vierhonderd. (DIE KOPPE VAN JIM EN VOORPRAAT VERSKYN IN BUUITEDEUR VAN KROEG)

KORTJAN (SAG) Ons maak of ons hom nie sien nie.

SINA (SAG) Abie?

KORTJAN (SAG) Die oubaas!

SINA (SAG) Hoekom?

KORTJAN (SAG) Nee, dan dink Jim en Voorpraat hulle is maar net nog babalas van gisteraand en ons skink regmakers en die till-klokkie lui!

SINA Jy's ok maar 'n Jood, jy! (JIM EN VOORPRAAT NOU AL BY DIE SWAAIDEURE) Sjuut, hier hom hulle!

KORTJAN (SKUD SY KOP MISMOEDIG) En daar wen Abie wragtig sy eie sjampanje! (HY EN SINA IS HEELTEMAL ONBEWUS VAN DIE FEIT DAT DIE OUBAAS NOU AGTER DIE BILJARTTAFEL SIT EN DUT. VOORPRAAT EN JIM KOM INGESTAP. JIM MET SY BLIKGHITAAR OOR SY SKOUER. HY IS GEKLEE IN 'N TIPIESE PETROLJOGGIE-OORPAK. VOORPRAAT IS 'N STERK, LENIGE EN ATLETIESE FIGUUR. HULLE KYK ROND, SIEN NIKS EN KOM DAN ONTSPANNE NA DIE TOONBANK GESTAP)

JIM Môre-sê, môre-sê.
VOORPRAAT Aits, my ou sussie! Jy lyk soos die dorp se skou-queen!

JIM Gooi daar 'n tassie – ek bedoel 'n skots on the roks! (KORTJAN SKINK) En 'n biertjie vir my vriend hierso. (KNIPOOG) Hy't vanaand rugby-oefening. (KORTJAN SKINK) Pietman kort 'n opvolger.

SINA (AAN JIM) Ek weet niks van rugby nie.

JIM (BETAAL SWIERIG MET 'N TIENRANDNOOT. HY FLAP DIE NOOT SOOS 'N GESOUTE BANKTELLER OF PETROLJOGGIE. HY LIG SY GLASIE EN JIM LIG SY BIERBEKER) Cheers chums!

VOORPRAAT (HY KYK NA WISSELTROFEE SE LEE PLEK. LIG BEKER NOG HOËR) Op jou opvolger, baas captain Pietman. (HY SPEOG) Op jou opvolger vir vanjaar. (HY SLAAN BEKER DRIE KEER TEEN SY BORS DAT DIE SKUIM SPAT) Voorpraat Beukes! (SINA STAAR HOM AFKEUREND AAN. KORTJAN DUIDELIK ONGEMAKLIK. VOORPRAAT BESKOU DIE TWEE VIR 'N OOMBLIK EN SLAAN DAN DIE BIER WEG)

JIM So moet 'n bek mos praat! (LIG GLAS WEER) Op ons Kaptein!

JA-JUIS Pietman!

VOORPRAAT Voertsek! Pietman swaai in die bloekom! Ek sien sy oukêrel is ook in die dorp maar hy ry eintlik sulke Kaapse draaie om nie na aan die bloekom te kom nie.

SINA Los nou jou dinge, boetie. En nie so lawaai nie. Netnou kom die polisie.

JA-JUIS Bennie! Bennie!

JIM Hamba! Bennie hang aan die markpleinklok. (STOOT SY GLAS VIR KORTJAN) Nog 'n bietjie praatpetrol. (KORTJAN SKINK WEER 'N DUBBEL WHISKEY) Daai platpoot moes darem seker lekker geroggel het in daai stuk doringdraad! Vuilgoed! Hy skop seker al weer swartes in die hemel! (NEEM SY GLASIE EN LIG DIT HOOG) Cheers chums!

SINA (AAN VOORPRAAT) Jy's skoolhoof en jy draai stokkies?

VOORPRAAT (KYK HAAR VAS IN OE) Ek't vir my kuier met die wittes gewag tot die wet sê dat ek mag.

SINA En vir wat hardloop julle toe weg?

JIM Daai ou Boer met die geweer. Het julle hom nie gesien nie?

KORTJAN Nee, hier was niemand.

JIM (WYS NA WAKIS) Hy't net daarso so by daai trommelboks gesit.

KORTJAN Nee, hier was niemand.

JIM Maar ek sê jou hy't net daar gesit.

KORTJAN (HY EN SINA KYK. HUL OE REK) Sina! Maar hier is dan niemand nie!

SINA Hy's weg! (BANG) Skoonveld weg!

VOORPRAAT Breek daar vir my nog 'n leeu se nek! (SINA SKINK NOG 'N BIER VIR HOM) Loop kyk in die bloekom! Dalk swing hy saam met Pietman. Dalk was dit God.

JIM Of dalk lui hy die markklok met sy nek! (HY KLINK SY GLASIE MET VOORPRAAT WAT NOU SOMMER UIT DIE BOTTEL DRINK) Cheers chums!
(LIG SY GLAS EN KYK BOONTOE) Cheers ou chum!

KORTJAN Stadig julle. Ek wil nie sulke praatjies hier hê nie.

VOORPRAAT Praatjies? Wil jy vir my vertel my pa Preek Petrus praat praatjies op sy sterfbed? (BAIE AGGRESSIEF) Hê, Oompie .... hê?

KORTJAN Nee, hy was 'n christenmens sy lewe lank ... twee-en-negentig jare.

VOORPRAAT En met sy laaste asem sê hy ...

SINA Asseblief boetie!

VOORPRAAT Weet jy wat sê hy toe, Jim?

JIM Al gehoor. Maar sê maar weer. Die waarheid is maar skaars en van skaars goete kry mens mos nie genoeg nie.

VOORPRAAT (HY MAAK SY STERWENDE PA NA MET GEBAAR EN STEM) "As daar dan dalk 'n God is ... dan is hy ook maar weer niks anders nie as net 'n Boer!"

(VOORPRAAT EN JIM LAG EN LAG. MAAR DAN VERSTAR HUL LAG AS DIE OUBAAS STADIG UIT SY VELDSTOELETJIE OPSTAAN. HY GLUUR HUL AAN VAN AGTER DIE BILJARTTAFEL AF. SINA EN KORTJAN IS OOK ONKANT GEVANG, MAAR BESLIS NIE MET DIE VREESBEVANGENHEID VAN JIM EN VOORPRAAT NIE. DIE OUBAAS HET NOG STEEDS SY GEWEER OOR SY SKOUER)

JIM Oubaas! Elke Saterdag was baas Pietman my hero op die veld. Ek weet hulle roep my Jim Kommunis ... maar sowaar as daar 'n Vader in die hemel is ... (HY WYS) ... ek was maar sommer nog so 'n klein kaalgat pikanien, toe sing ek al "What a friend we have in Jesus!" (DIE OUBAAS STAP NADER)

VOORPRAAT (BAIE ERNSTIG EN ONDERDANIG) Ja, my groot-grootbaas ... dis net so ja. Hierdie boot van my het niks beteken nie ... toe sê Pa Preek Petrus ek moet net bid ... toe bid ek ... en nou's elke drop tussen die pale deur. As my grootbaas my nie wil glo nie, loop vra maar vir baas Abie. (DIE OUBAAS HAAL SY GEWEER OOR. TREK 'N PATROON UIT DIE BANDOLIER EN DRUK DIT IN DIE LOOP) En daai baas Pietman! Auk my grootbaas ... daar was nou vir jou 'n fly-half gewees.

JIM En baas Bennie op die wing? Hy't getjaarts vir 'n scoreline soos 'n Rolls Royce vir 'n petrolpomp! (OUBAAS SIT SY GEWEER TEEN KROEGTOONBANK NEER EN GAAN SIT WEER OP SY PLEK BY DIE TOONBANK)

KORTJAN (TERSYDE) Hy laaik van rugby! (OUBAAS DRINK WEER SO KOFFIE. JIM EN VOORPRAAT BEWEEG VERSIGTING NA BILJARTTAFEL EN BEGIN SPEEL)

SINA (FLUISTEREND) En nou Oompie Kortjan?

ABIE (VERSKYN IN KROEGDEUR) Nog niemand hier nie?

KORTJAN (FLUISTEREND AAN SINA) Nou gaan kry jy daai laaste round se geld! Hierdie Jood check 'n bottel soos 'n boer 'n reënmeter. (SINA GAAN KRY GELD BY VOORPRAAT EN JIM)

ABIE (HY KOM DEUR SWAAIDEURE) Hoe's daai till-klokkie dan so stil?

KORTJAN Baas Abie, toe hy sy eerste song sing toe sing hy: ('n Bottel sjampaign vir baas Abie) (HY WYS NA BILJARTTAFEL) Grappie op n stokkie. Daar staan die twee spoil-sportse!

ABIE (HY SIEN JIM EN VOORPRAAT) Welkom Jim, welkom Voorpraa! (TOT KORTJAN) Wat praat jy van spoil-sportse?

KORTJAN (VERLEE) Nee, ek en Sina het maar so in die stilligheid gehoop een van ons wen dalk.

SINA Ek sê nog ek't gewen. Ek't gesê: 'n Trêweler. (SY WYS NA OUBAAS) ...En daai trêweler, al drink hy koffie, was eerste oor die drumpel.

ABIE O, het hy toe sy koffie gedrink?

KORTJAN (WYS NA KOPPIE. BLY AGTER DIE TILL) Koffie, beskuit en biltong!

ABIE (STAP TOT BY KOPPIE) Wel, hier lê 'n pakkie biltong onaangeraak, die koffie is nog nie aan gedrink nie. (HY VOEL AAN KOPPIE) yskoud .... en ons verkoop ook nie beskuit nie.

KORTJAN Die koppie is nog O.K. maar tog nie aan die konsertina-kassie vat nie. Hy sal brand in jou vingers in.

ABIE Konsertinakassie?

KORTJAN Baas Abie, jy kort 'n bril!

| | |
|---|---|
| ABIE | (KYK NA SINA WAT OOR TOONBANK LEUN) Ek kort geen brille nie! (SKITTERY SCHALK VERSKYN IN DIE KROEGDEUR EN STAP DEUR SWAAIDEURE) |
| JA-JUIS | Tjorts! |
| KORTJAN | Hy's hier. (SINA, KORTJAN EN ABIE WIL-WIL NET GROET) |
| S SCHALK | (HY STAP TOILET BINNE) Sien julle nou-nou! |
| SINA | Kry die port-en-bitters! (KORTJAN BEGIN PORT EN BITTERS SKINK) |
| ABIE | Die ys is gebreek en die till sal sing. (POUSE) Kortjan. (HY VRYF SY HANDE) |
| KORTJAN | Ja. (HY KYK NA OUBAAS. DAN SAG) Abie? |
| ABIE | Môre sal jy die till moet olie! (GRYP 'N VEERPYLTJIE EN GOOI NA BORD) |
| KORTJAN | Hy kos my 'n hele bottel sjampaigne! (TERWYL HY SKINK) Baie bitters, bietjie port. |
| SCHALK | (VERSKYN) So gaat dit ja! En nou sit ons saam met die swartgoed! Maar ek sê nog: dit sal die bleddie dag wees! (DIE SNOEKERSPEL GAAN VOORT. ABIE VRYF HANDE EN GOOI MET DIE VEERPYLTJIES) |
| ABIE | Môre oom Schalk. |
| SINA | Môre meneer. |
| KORTJAN | Môre meneer. (HY GEE DRANKIE) Een rand en sewentig sent asseblief. |
| SCHALK | (HY BETAAL – GEE EEN SENT EKSTRA MET 'N GROOT GEBAAR) Koop maar vir jou 'n plaas met die kleingeld. (HY LIG SY GLAS) Nouja, hou poepol hou! (HY SLUK SY PORT EN BITTERS. HY SIEN |

JIM OR VOORPRAAT WAAR HULLE SNOEKER SPEEL. HY SNUIF-SNUIF IN HULLE RIGTING) Ek dag mos ek ruik iets. Ek sê, Abie, kyk dan net hoe mooi aparterig hou hulle vir hulle daar by die snoekertafel. (SLUK WEER) Ons het hulle darem goed getrain in die goeie ou dae! (KORTJAN EN SINA SUKKEL OM HUL ONGEMAK TE VERBERG)

ABIE Moenie vir moeilikheid soek nie, oom Schalk.

SCHALK Soek? Ek't moeilikheid verwag .... dis die dat ek so 'n bietjie gesloer het. Die pos is ook weer laat vandag. Maar ek het verniet geworry: dis nog lêvel op die grêwel en eenstryk oustryk! (SLUK GLAS LEEG. STOOT GLAS NA SINA) Skink daar vir die baas nog ene.

SINA (KYK OM REG IN DIE OE) Die kelnerin sal vir u skink, Meneer. (SCHALK WORD BLEEK VAN WOEDE)

ABIE Asseblief oom Schalk.

SCHALK Ek laat haar nie vir my kom staan en meneer nie!

VOORPRAAT Hê-jy! Jou bleddie Boer! (OUBAAS VAT-VAT AAN SY GEWEER. HY KYK BANG NA OUBAAS) Jammer, my Grootbaas.

SCHALK (AAN ABIE) Wat het ek jou gesê: goed getrain in die goeie ou dae!

SINA (GEE HOM SY DRANKIE) Vyf-en-sewentig sent asseblief, meneer.

SCHALK Sê dit 'n bietjie weer.

KORTJAN Jy het gehoor. Een rand en sewentig sent, asseblief.

SCHALK (HY BESEF DAAR HANG IETS PLOFBAARS IN DIE LUG) Dê, vat! (GEE GELD)

SINA So sê ons vir ons honde.

ABIE Sina!

SINA Maar meneer Abie, jy't ons tog instruksies gegee.

KORTJAN (VRIENDELIK) Ons maak maar nes jy gesê het, Abie.

SCHALK En jy laat hulle vir jou sommer rond en bont Abie soos hulle lus het?

ABIE Ja, oom Schalk, vandag is vandag. Gister was gister.

SINA (OORHANDIG SCHALK SE KLEINGELD) Dankie, meneer. (HY NEEM DIT. 'N KLOKKIE LUI AGTER DIE KROEGMANDEUR)

ABIE Daar's iemand by die resepsie. Ek is nou-nou hier. (ABIE DEUR KROEGMANDEUR. 'N ONGEMAKLIKE STILTE VIR 'N PAAR OOMBLIKKE)

VOORPRAAT (LOER DEUR VENSTER) Dis Pietman se pa.

JIM Hy's te banggat om onder die bloekom deur te stap nou loop sit hy maar in die lounge!

SCHALK (ASOF HY IETS RUIK) Maar wat ruik dan so?

SINA Die plek is skoon.

SCHALK Die plek ja, maar jy?

SINA Ek is skoon op my lyf!

SCHALK Ja, nie eers seep en water sal help.

KORTJAN (BEHEERSD, MAAR DREIGEND) Ou Boer, as dit kom moet jy weet, jy't gevra daarvoor. (SCHALK IS DUIDELIK ONTSTELD. HY SLAAN SY DOP VINNIG WEG. SCHALK DRAAI OM. IN DIE KROEGDEUR VERSKYN DIE KOP VAN 'N SWARTMAN. HY STAP DEUR DIE

SWAAIDEURE. DAAR IS GEEN SPRAKE VAN EENVORMIGE KLEREDRAG NIE. IETS IS TOG BAIE BEKENDS AAN HOM. SY ONDERLYF IS DIE ENE AAPSTERTE A LA INDOENA, SY BOLYF MILITER EN MEDALJES A LA IDI AMIN. HY HET 'N AK 47 IN DIE EEN HAND EN 'N TROM IN DIE ANDER. HY GAAN SIT BY DIE VERSTE ENT VAN DIE TOONBANK. NATUURLIK NET LANGS DIE OUBAAS. NIE SINA, KORTJAN OF OUBAAS IS VAN HOM BEWUS NIE. HY PLAAS SY TROM OP DIE TOONBANK. SY AK 47 PLAAS HY STAANDE TEEN DIE TOONBANK.

SCHALK (DRINGEND) Juffrou, juffrou. (DAN VREESBEVANGE) Juffrou Kelnerin! Geagte Sina!

GORDYN

TWEEDE BEDRYF

(DIESELFDE. 'N PAAR OOMBLIKKE LATER. SCHALK HET MET 'N VERTOON VAN VRIENDSKAP – MAAR EINTLIK VREES – VIR INDOENA 'N BIER GEKOOP. HY SIT DIE BIER OP TOONBANK TERWYL HY EFFENS EERBIEDIG BUIG. GAAN SIT WEER OP SY PLEK]

SCHALK Ai juffrou, dis lêwel op die grêwel en eenstryk nuwe stryk. (HY SLAAN SY HAND HALF OM KORTJAN SE SKOUER) Hand om die nek is geluk op sy plek.

KORTJAN (EFFENS VERLEE) Netso Schalk.

SCHALK (MAAK SEKER DAT INDOENA HOM SIEN) Netso Kortjan.
(ABIE EN OUBAAS DANIE VILJEE VERSKYN DEUR DIE KROEGMANSDEUR.
VILJEE IS N LENIGE, ARISTOKRATIESE FIGUUR GEKLEE IN N HARRIS TWEED BAADJIE, FLANEL BROEK, DEFIGE HOED, HEMP EN DAS. N GOEDVERSORGDE 70 JARIGE.]

DANIE Môre Schalk. (HULLE GROET. VILJEE GAAN SIT EENKANT ALLEEN]

SCHALK Ja, julle is nou alleen hê .... die groot sentrale stoettelersverneiging het mos touopgegooi.

DANIE Bog! Waar kom jy daarvan?

SCHALK (LAG TE LEKKER) Nee, ek bedoel die kabinet man. (VILJEE GLIMLAG HOFLIK) Twee biere vir my vriend daar oorkant gekoop.

ABIE Jou vriend? (HY KYK) Jim of Voorpraat. (HY GEE DRANKIE VIR VILJEE)

SCHALK (SAGTER) Dit sal die bleddie dag wees! (HY WYS WEER NA INDOENA) Royal blood, my vriend. Ek sê jou: royal blood.

SINA (OORHANDIG GELD) U kleingeld, meneer.

SCHALK (FLUISTER TERWYL HY NA INDOENA WYS) Ag, juffroutjie, as hy dalk wil betaal vir die second round maak dit 'n double port en bitters hoor.

ABIE (AGTER TOONBANK TUSSEN KORTJAN EN SINA EN VOOR SCHALK) Kyk mense, die laaste ding wat 'n hotelbaas of 'n kroegman sal doen is om kroegpraatjies die nek om te draai ... hy sal hulle eerder op hulle voete help. Maar aangesien daar nou vandag al so baie beginsels oorboord gegooi is, sal nog enetjie seker nie die till-klokkie laat roes nie. Wat ek julle vra is dit: wat probeer julle bereik met hierdie spookpraatjies? (AAN VILJEE) Sina en Kortjan – ja, Jim en Voorpraat ook – sien glo 'n ou Voortrekker of 'n ding wie se baard op sy voete sleep en Oom Schalk ... hy sien een of ander Engelsman met royal bloed en al.

SCHALK [DRINGEND FLUISTEREND] Dis geen kakie nie. Dis n pikswarte!

ABIE Waar?

SCHALK (ERNSTIG) Abie sien jy hom wragtig nie?

ABIE Kortjan, Sina ... sien julle hom?

KORTJAN & SINA Nee, Meneer. Net die oubaas.

ABIE Oom Danie? (VILJEE SKUD SY KOP) Wel ek ook nie.

SCHALK (LANG POUSE. OP EN NA TOILET. PRAAT TERWYL HY LOOP) Gooi nog 'n dubbel port en bitters! (HY VERDWYN IN TOILET. DAN STEEK HY NET SY KOP BY DIE DEUR UIT. HY WUIF BANGERIG VIR INDOENA WAT NATUURLIK NIKS MERK NIE) En maak sy beker maar weer vol! Ek betaal. (HY VERDWYN IN DIE TOILET)

JA-JUIS: Never!

ABIE (SAG) Skink, Kortjan! Gou, voor hy van plan verander. (AAN VILJEE) Dis die eerste keer in sy lewe dat hy 'n drankie vir iemand anders koop. (VILJEE KNIK SY KOP MET 'N GLIMLAG. KORTJAN SKINK)

SINA Die tweede keer. (SY WYS NA WAAR DIE BIERBEKER STAAN)

ABIE Daar's die beker ja, maar waar is die man?

SINA Nog nie met 'n oog gesien nie. (AAN VILJEE) Môre, meneer Viljee.

VILJEE Goeiemôre, juffrou. Amper herken ek u nie. (SINA GLIMLAG SKAAM) Jy't mos 'n rukkie by ons op die buitepos gewerk.

SINA Ja, meneer.

VILJEE Die stroois was so skoon toe jy weggaan. Dit gebeur selde.

KORTJAN Dat mense nou so hul blase kan bederf.

ABIE (SKERTSEND) Pasop dat die beker nie in jou vingers inbrand nie!

KORTJAN (OORWEEG DIE SAAK VIR 'N OOMBLIK. PLAAS DIE BOTTELTJIES VINNIG LANGS BEKER NEER) Abie, skink tog liewerster self! (OUBAAS GEE KORTJAN 'N KYK. DAN TOT OUBAAS) Sorry, oubaas. (TOT ABIE) Asseblief, baas Abie. (OUBAAS KYK WEER TEVREDE VOOR HOM UIT. KORTJAN TERUG TOT BY ABIE EN SINA) Skink gou voor baas Schalk dalk van plan verander.

ABIE (SKUD NET SY KOP. HY STAP DRAMATIES TOT BY BEKER EN VAT KAMMA VERSIGTIG DAARAAN!) Sjoe! Eina! (HY PLUK SY HAND TERUG EN MAAK ASOF HY HOM VERBRAND HET. KORTJAN EN SINA DUIK AGTER TOONBANK WEG. VOORPRAAT EN JIM IS HUL KLITS SKOON KWYT. DIE OUBAAS SIT SOOS HY SIT. VILJEE GLIMLAG NET OOR DIE HELE PETALJE)

KORTJAN (AGTER TOONBANK VERSKUIL) Sina! Bring varkspek en knoffel! (SINA AF)

ABIE (BEGIN LAG. KORTJAN SE KOP VERSKYN. JIM EN VOORPRAAT GAAN VOORT. ABIE TEL DIE BEKER WEER OP) Drie botteltjies en die skuim staan nog daarop. (HOU BEKER NA JIM EN VOORPRAAT SE KANT) Hoe lyk dit, wil julle probeer?

JIM Nog nie dors nie, baas Abie.

VOORPRAAT Ek't vanaand rugby-oefening.

ABIE Oompie Kortjan?

KORTJAN (STAP NADER) Wys tog eers vir my baas se hande. (ABIE DOEN DIT) Ai, die ou swakheid van die vlees. (HY VAT DIE BEKER EN SLAAN DIT WEG. DAN PLAAS HY DIE BEKER OP DIE TOONBANK NEER) Nou kan baas maar skink vir sy holiness! (ABIE DOEN DIT)

VILJEE Neewat Kortjan, ek sien die bygeloof kry jou nie onder nie.

SCHALK (SY STEM VANUIT TOILET) Alles O.K.? (SY KOP VERSKYN) Kan ek maar uitkom?

ABIE Asseblief. (TERWYL HY NOG SKINK) Dit sal drie rand dertig sente wees!

SCHALK (TERWYL HY NA SY PLEK STAP) Tussen vriende is dit 'n ou druppeltjie in die see!

KORTJAN (GEE SCHALK SY PORT EN BITTERS) 'n Druppel in die see maar 'n emmer in jou blaas! (HY MAAK VIR DIE TOILET EN VERDWYN DEUR DIE DEUR)

ABIE (ONTVANG GELD VAN SCHALK. PLAAS DIT IN GELDLAAI. DIE KLOKKIE LUI. GELUID VAN 'N MAN WAT LANK EN AANHOUDEND URINEER) Hoor net die eggo van die klokkie!

VILJEE Toenou, Abie, jy raak te opgewonde, man.

SCHALK (LIG SY GLAS EN KYK NA INDOENA. LAASGENOEMDE SIT EGTER DOODSTIL. KOMPEL BY HOMSELF) Nes hulle is! Gee hom jou kleintoontjie en hy dink hy kan 'n spoor trap. (WEND HOM TOT JIM EN VOORPRAAT) Jim, Voorpratt, wat drink julle?

JIM (VERBAAS) 'n Double skots op die rocks. [WYS N VOORPRAAT.] 'n Lang leeu sal sy ding doen.

ABIE No problems! Vra vir Kortjan. Dis net 'n hello en koebaai!

SCHALK (AAN KORTJAN) Nouja, dan moet jy seker maar vir hulle skink.

ABIE Jim het vir 'n double gevra.

KORTJAN Netso. (HY SKINK DIE DUBBEL)

ABIE En Voorpraat wil 'n lang leeu hê.

KORTJAN Netso. (HY SKINK HOM)

SCHALK (TOT HOMSELF) Engelsman kan mens nog hanteer. (OUBAAS VAT 'N SLUK KOFFIE)

ABIE Dit sal net drie rand twintig wees, oom Schalk.

SCHALK (HY BETAAL. TERWYL ABIE MET GELDLAAI DOENIG IS MOMPEL SCHALK) Maand se pay in die goeie ou dae. En vandag? Bek-oop, gorrel-af en fluit-uit! (VILJEE HOU HOMSELF BUITE DIE GESPREK OP 'N STIL EN BESKAAFDE MANIER)

ABIE (GEE KLEINGELD) Tagtig sent kleingeld.

SCHALK (MOMPEL AAN VILJEE) Oorle pa kon hiermee van Windhoek tot Johannesburg ry sonder om uit die kar te klim! (VILJEE KNIK NET

SY KOP) Ja, tagtig hekke! (KORTJAN NEEM KIM EN VOORPRAAT SE DRANKIES NA HULLE) Die hele besigheid gee my een groot ...

JA-JUIS Tjorts!

SCHALK Jy kan dit nog 'n keer sê.

JA-JUIS Tjorts!

SCHALK Abie.

ABIE Ja, oom?

SCHALK Skink vir Ja-Juis 'n double port en bitters!

ABIE (DRUK TILL-KLOKKIE) Een rand vyftig, asseblief!

SCHALK Vriende! (HY PROBEER DUIDELIK INDOENA SE AANDAG KRY) Ons het 'n lang pad saam gekom. Apart maar tog saam. Nou stap ons saam-saam. Wil of nie wil, maak nie saak nie. Dis nou lêwel op die grêwel. (ABIE GOOI DRANKIES IN JA-JUIS SE BLIKKIE) En vanjaar vat ons weer die beker ... met die hulp van Voorpraat! (WEER NA INDOENA) My vriend, ons weet Voorpraat sal Pietman se skoene volstaan!

Dit se hierdie ou wit helsem vandag vir jou. Ek het lankal my sambok weggegooi. (VILJEE LAAT SY KOP SAK EN STAAR NA SY DRANKIE. OUBAAS STAAN KOPSKUDDEND OP. NEEM SY KONSERTINA EN STAP NA SY VELDSTOELTJIE. SOOS HY SY VELDSTOELTJIE NADER, KOM JIM EN VOORPRAAT IN DIE TEENOORGESTELDE RIGTING NA DIE TOONBANK)
Mooiso, my vriende, staan nader. Staan nader. (INDOENA LIG SY GLAS. DAN OOK JIM, VOORPRAAT EN SCHALK) Toe dan, oom Danie. (VILJEE GLIMLAG EN LIG SY GLAS)

JA-JUIS Cheers Chums! (ALMAL DRINK)

JIM (VERWYS NA JA-JUIS) Oorlamse, hel!

KORTJAN En orig! (ALMAL DRINK BEHALWE KORTJAN, ABIE EN VIIJEE)

SINA (OP) Hier's die varkspek en knoffel!

SCHALK Ai-ai ... so 'n lekker skaapboud gestop met varkspek en knoffel! (HY LIG WEER SY GLAS. AAN INDOENA) My vriend, vanaand kom julle almal. Sodra die deure toegaan ... kom julle almal braai op my plaas. [KNIPOOG VIR INDOENA.] En vir u laat ek n boerbok slag. Spesiaal met my komplimente. EN EK KOM U HAAL MET MY SKOONSEUN SE CADILAC. [TOT ALMAL] My dogters sal bontstaan om die braaipanne en julle sal proé hoe prima vleis smaak! (TOT ABIE) Skink daar nog 'n rondte!
(DIE OUBAAS BEGIN OP DIE KONSERTINA SPEEL: "Vanaand gaan die volkies koring sny..." WEER IS DAAR 'N STADIGE RITME EN IETS TREURIGS AAN DIE LIEDJIE. KORTJAN, SINA, JIM EN VOORPRAAT KYK IN DIE OUBAAS SE RIGTING)

JIM Maar hy kielie darem daai bliktoontjies dat jou voete jeuk.

SCHALK Wie? En wat kielie hy?

KORTJAN Onse oubaas. 'n Konsertina.

SINA (AAN ABIE) Hierso, gaan sit die varkspek en knoffel op sy stoel.

SCHALK Maar waar is hy dan nou?

KORTJAN Hy sit al weer op sy veldstoeltjie daar agter die tafel. (INTUSSEN HET KORTJAN EN ABIE AL WEER 'N RONDTE GESKINK)

SCHALK (SKERTSEND) Sê hy en sy konsertina moet ok saamkom. Ek meen te sê: waar het jy nou al gehoor van 'n braai sonder balke en binneboud! Of hoe sê ek dan nou, neef Danie?

VILJEE (HOFLIK) Wie sal weet. (STAAR WEER VOOR HOM UIT.]

JIM (BY GELDLAAI) Dit sal ... laat ek sien hoeveel sal dit wees ...

SCHALK Skryf op die boekie. 'n Droogtetyd betaal n boer net eenkeer 'n jaar! Behalwe oom Danie miskien.

JIM: Sy stoetramme stoot hom ryk. (VILJEE GLIMLAG HOFLIK.]

SCHALK: [DAN WEER TOT INDOENA) My vriend kan sy trom saambring ... en Voorpraat, kan jy daai blikkitaar speel?

VOORPRAAT Ek tokkel hom dat 'n misvloer pappery lê in die sweet!

SCHALK Those were the days that men were men and women were double breasted! Sina! Jy't ;n mooi rok aan.

SINA O.K. Bazaars, Kimberley.

SCHALK (KYK NA HAAR PRAGTIGE BORSTE) O.K. is nie die woord nie!

VILJEE (PROBEER GESPREK VERANDER) Ek sien jy't ook n bietjie reen gehad, Schalk.

SCHALK Net n karspoortjie. (POUSE) Voorpraat! Tokkel ons daar 'n tune, man.

VOORPRAAT Sommer saam met die oubaas?

SCHALK Lêwel op die grêwel. Eenstryk nuwe stryk. (HY SLUK AAN SY DRANKIE) Hou poepol, hou!
(VILJEE VIND DIT MOELIK OM SY IRRITASIE TE VERBERG)

VOORPRAAT Ek wag liewers tot hy klaar is.

JIM (LIG SY GLASIE) Cheers Chums!

SCHALK Laat hy val waar hy wil.

JIM Op valves ghraaind en petrol drums.

SCHALK Hoe later hoe kwater! (OUBAAS HOU OP MET SPEEL)

ABIE Nog 'n rondte?

SCHALK (HOU SY LEE GLASIE OP. KYK DAARNA) Daar's nie 'n vissie in die see nie .

ABIE Dan skink ek maar?

SCHALK Laat die blink lywe loop! (ABIE, KORTJAN EN SINA SKINK) God straf Engeland vir die Boere-Oorlog! Maar te hel met Geloftefees! (HY KYK NA INDOENA) Dit was, is en bly Dingaansdag! (INDOENA GEE HOM N KWAAI KYK] Ter vereering, natuurlik.

KORTJAN (AAN SINA) As daai Oubaas hom nou kon hoor.

SINA Moenie worry nie. Net ons sien hom glo ... dan hoor hy seker ook net vir ons.

KORTJAN Ek wou maar net sê.

SCHALK Môre is nie nog 'n dag. Oormôre lê ons in die graf. (ALMAL HET NOU HUL DRANKIES. INDOENA SPEEL OP DIE TROM. VOORPRAAT OP SY BLIKKITAAR. ALMAL, BEHALWE OUBAAS SING. VILJEE DEEL NIE IN DIE JOLYT NIE,]

ALMAL En almal sê ok so!
Want hy's 'n lekker kêrel
Ja hy's 'n lekker kêrel
Ja hy's 'n lekker kêrel
En almal sê ok so!
(HULLE DRINK. DIE OUBAAS TREK LOS OP SY KONSERTINA, HIERDIE KEER SING HY SAAM. DAAR IS IETS ONHEILSPELLENDS IN DIE

RITME EN IN SY STEM. DIE OUBAAS SE STEM NATUURLIK OP BAND MET EGGO)

OUBAAS Jou kombers en my matras
En daar lê die dinge
Daar lê die dinge
Daar lê due dinge

JIM EN VOORPRAAT (SIEN DIE GAPING. BEGIN VERSIGTIG)
We are marching to Pretoria
We are marching to Pretoria
(DAN UITDAGEND)
We are marching to Pretoria
We are marching to Pretoria
Pretoria here we ......
(OUBAAS STOP PLOTSELINGS. GESKOKTE STILTE. ALMAL ONGEMAKLIK)

SCHALK (BEGIN SING)
Die ruimtes het ons siel gevoed
(OUBAAS BEGELEI MET KONSERTINA)
Ons kan geen slawe wees
Want vryer as die arendsvlug
Die vlugte van ons gees
(OUBAAS SIT KONSERTINA NEER. SCHALK LIG SY GLAS. INDOENA BETRAG DIE HELE LOT. ALMAL ONGEMAKLIK. DANIE VILJEE LAAT SAK SY KOP)

JA-JUIS Tjorts!

ABIE Hoe lyk dit met nog 'n rondte?

SCHALK (KYK NA SY LEE GLAS) Daar is nie 'n wolkie in die lug nie. (PROBEER 'N LAASTE DRUPPEL SLUK) Die suiderkruis dros. (VILJEE VOEL DUIDELIK NIE TUIS MET DIE BANALITEITE VAN DIE AFGELOPE MINUUT OF TWEE NIE)

ABIE My kliënte ook. (POUSE) Sal ek maar skink?

SCHALK (KYK NA SY LEE GLAS) Stoetdrif se syferfontjeintjie het gaan staan. [KNIPOOG VIR INDOENA.] Nie 'n druppel tussen die riete vir die witgatspreeus nie.
(KYK VILJEE DRONKERIG AAN) Ook Danie, jy het mos nog water? (HY STAAN OP) Ek loop kry net die pos. (HY STAP) Sien julle nou-nou. (AF)

JA-JUIS Tjorts!

KORTJAN Ons het nou genoeg van jou gehad!

ABIE Loop sit hom buite onder die prieël!

KORTJAN (HY NEEM KOU) Dronkgat. (TERWYL HY DEUR KROEGMANDEUR STAP) Die darts team gaan hiervan hoor. Hulle gaan jou skors as mascot!

ABIE (AAN VILJEE) Wat vanoggend hier aan die gang is is genoeg om my groendakkies toe te stuur.

VILJEE (INGEDAGTE) Hoenou?

ABIE Nee, ek bedoel al die eienaardige besoekers wat ek moet bedien maar self nie eers sien nie ... ek meen jy ok nie. Wat dink jy van die spulletjie, oom Danie?

VILJEE Vrees het 'n sterk greep op die mens.

ABIE Vrees? Vir wat?

VILJEE Nee, niks nie, ek verbeel my maar seker ook net dinge.

ABIE Ek't my baie beter besigheid verbeel vir vanoggend. Waar's die Hollander wat die nuwe stasie bou? Die Griek van die Kafee? Die

Portugees van die groentewinkel? Die Duitser by die garage? Die Engelsman by die bank? (KORTJAN OP)

VILJEE (STIL MAAR BETEKENISVOL) Abie, het jy wragtig gedink jy gaan hulle sien? Vanoggend?

Jim: Ons sit met ons pasboekies . Hulle met hul paspoorte. (DEUR DIE SWAAIDEURE KOM 'N MAN GESTAP. DUIDELIK NIE IEMAND VAN DIE DORP NIE, SELFS NIE EERS VAN DIE STAD NIE. DUS: 'N BUITELANDER. DUUR KAMERA OM NEK MET SKOUERSAKKIE VIR SY FOTOGRAFIESE TOEBEHORE!)

YANK Hi, there! These endless Karoo plains is like being back at home in the Navada desert. (HY SIT BY TOONBANK)

ABIE Welcome, can i help you?

YANK Ye, man ... help is not the word ... you can save me.

KORTJAN (FLUISTER VIR SINA) Hy's 'n robber. Hy soek die safe.

ABIE With the Navada on your mind your saviour must be a long ice-cold beer?

YANK Ye man, ye. (ABIE NEEM BOTTEL EN KNAK DIT OOP. DIE YANK KYK OM HOM ROND) Oh no, goddamn, no!

ABIE (TERWYL HY SKINK) Too late to change your mind.

YANK Go boy go ... I need that goddamn beer! More than a thousand kilometres ... and nothing!

ABIE Yes, it is a rather minute little village. (HY GEE BIER VIR YANK. DIE YANK BETAAL)

JIM Sina! Laat waai gou daar vir my en Voorpraat dieselfde. (SINA SKINK. YANK HOU HAAR DOP. HAAL SY KAMERA AF EN VERSTEL LENS)

ABIE Good camera.

YANK Only the best for the New York Times! (AS SINA JIM BEDIEN) Hold it! Just hold it like that. (VILJEE BESEF WAT KOM EN AANSKOU DIE TONEEL WAT VOLG MET AFKEUR)

JIM Ons word gesnêp, nê. (HY PROBEER HOMSELF POSEER)

YANK Now! Bang with your fist on the counter as if you're expecting service. (JIM DOEN DIT) No, no ... no smile. Grim, aggressive face. Beautiful! (KAMERA FLITS) Hold it. Once more. (KASMERA FLITS WEER. HY DANS ROND SOOS NET 'N PERSFOTOGRAAF KAN DOEN) Thanks! (JIM EN VOORPRAAT KRY HUL DRANKIES EN BETAAL. YANK VAT SY BIER EN SLAAN DIT WEG) Boy o boy, this is mighty good beer! Well, after all it wasn't all for nothing ... head office instructed me to cover the deep platteland. (HY LAG TEVREDE) Lovely front page shot! "Scared white girl serves black customer"!

VILJEE (YANK AL OP PAD UIT) Wait a minute? You rotten yank!

YANK (VILJEE WIL-WIL HOM VOOR DIE BORS GRYP) Wait? I must push off! There's no goddamn business here. (TERWYL HY STAP) no action ... boy o boy you should have been in Luanda or Lourenco Marques! (HY IS AL DEUR DIE SWAAIDEURE) That was a goddamn wow. (HY IS AF. DIE OUBAAS SIT HOM MET GEWEER IN DIE HAND AGTERNA!)

KORTJAN Nou is ons darem van hom ook ontslae.

ABIE Nes hulle is!

KORTJAN Ek praat van die Oubaas.

JIM — Hy skiet hom nog.

ABIE — Ek hoop so ... en mag die skut ook maar wegbly!

JIM — Stupid Engelsman! Hy boy sommer vir meneer Abie en vir Sina snêp hy kliek-kliek spierwit! (VILJEE GLIMLAG)

VOORPRAAT — Daar's te veel wat vir Sina wit wil maak. (HY DRINK) Wou wit maak ok. (NEEM NOG 'N SLUKKIE. IETS DUBBELSINNIGS IN SY STEM) Maar hulle loop hulle rieme styf. (SINA BESEF HY WIL IETS IMPLISEER) Of hoe sê ek my ou sussie? (SINA STIL EN EFFENS IN DIE WAR) Vra maar vir meneer Viljee hoe 'n steeks stoetram hom in 'n riem se lis vasloop.

VILJEE — (HOFLIK) Ja-nee, sy moses kom hy teë.

JIM — Op ons captain. (HOU GLASIE OP EN KLINK MET VOORPRAAT S'N) He meneer Abie, is hy dan nie ons nuwe captain nie?

ABIE — Dis vir die keurkomitee om te besluit.

JIM — Eers skuil julle agter die government en nou skuil julle agter die selectors, nê?

ABIE — (ONGEMAKLIK) Ag Jim ... jy weet tog self Voorpraat was verlede seisoen nie juis op vorm nie.

VOORPRAAT — (SARKASTIES) Hoe sal ons nou weet. Ek't maar gehardloop, gedrop en gescore op die lokasieveld ... na die selectors gesê het ek is nie "op vorm" nie ... op die dorpsveld!

VILJEE — (PROBEER SPANNING WAT OPLAAI VERBREEK) Voorpraat, ons drink op jou hotklou.

VOORPRAAT — (BITTER) Al sit hy aan 'n hotnot?

VIJEE Kom nou, ons wil nie weer daardie woord hoor nie. Uit niemand se mond nie. Wat drink my vriende ... dieselfde?

JIM Ons is besig. (LIG SY GLAS VIR VOORPRAAT) Cheers chum.

VOORPRAAT Koebaai, Pietman!

JIM Koebaai, Bennie! (HULLE DRINK. SINA VERDWYN DEUR KROEGMANDEUR)

KORTJAN Sies! Julle is darem ongeskik! Het julle geen respekte vir meneer Danie? Vir die dooies?

VOORPRAAT Maark kyk net hoe dik religious raak so 'n oompie?

JIM Hy push vir ouderling in die wit kerk!

VIJEE Is dit regtig nodig, menere?

ABIE Asseblief kêrels ... kom drink nog 'n drankie saam met my? (GEEN REAKSIE) Free! On the house! Hoe's daai vir 'n jood? (HY LAG ALLEEN VIR SY EIE GRAPPIE) Net wat julle wil hê.

JIM 'n Case skots.

ABIE (LAGGIE) Ah Jim, jy is nogal 'n man vir sports maak nê?

JIM Ja ... as ons nou nie in die sports kan speel nie, dan maak ons maar sports. (ONGEMAKLIKE POUSE) Wat van 'n case Carling vir jou ... nê, Voorpraat?

VOORPRAAT (WIK-EN-WEEG) Nee-wat, net 'n leeu vir my.

ABIE (NOG IETWAT ONGEMAKLIK) Dit klink meer na besigheid! Skink Kortjan! (KORTJAN BEGIN TEEN SY SIN TE SKINK)

JIM En as die Ouderling klaar is kan hy die delivery scooter vat en my case skots by my stroois loop aflaai. Voorpraat se leeus by sy huis.

ABIE (BESEF DAAR IS IETS DREIGENDS IN JIM SE HOUDING) Jim, dis darem nou ...

JIM Jy het gesê: "Free. On the house! Net wat julle wil hê!"

ABIE (HYS IS NIE NET ONGEMAKLIK NIE. MAAR BANG. OOK HY SIEN NOU VIR INDOENA. DAN PROBEER ABIE OPGEWEK LAG) Natuurlik het ek dit gesê ... en dit ook bedoel! [FLUISTER DRINGEND AAN VILJEE.] Kyk, daar sit hy! [VILJEE REAGEER NIE] Wragtig oom Danie, daar sit hy!

JIM (AAN VOORPRAAT) Hoe's daai vir 'n Jood, hê?

VOORPRAAT (SARKASTIES) Dood dollies vir die skollies!

ABIE (INDOENA GLUUR HOM NOG STEEDS AAN) Kortjan, vat die scooter en gaan lewer 'n case Whiskey by Jim se huis af. (INDOENA GLIMLAG EN KYK VOOR HOM UIT. KORTJAN HET INTUSSEN VOORPRAAT SE BIER IETWAT TEENSINNING VOOR HOM NEERGESIT)

KORTJAN Goed, Meneer.

ABIE (MET SY OE NOG STEEDS OP INDOENA GEVESTIG) Ag gooi net eers vir ons ou vriend weer sy drie biertjies voor jy gaan. (TERWYL KORTJAN KOPSKUDDEND IN DIE BIERBEKER SKINK) Ek sê nog altyd pens of te not ... bier is die kos van konings. (INDOENA DRINK BAIE TEVREDE)

JIM (HY EN VOORPRAAT SKATERLAG) O. Nou sien jy ook die spook van ou Skittery Schalk! (HULLE LAG) Jy beter maar solank vir jou 'n port-en-bitters skink of dis hardlooptyd vir jou ook!

KORTJAN (FLUISTEREND AAN ABIE) Moet ek wragtig gaan?

ABIE (FLUISTERED AAN KORTJAN) Ja, en kyk of jy nie by die shebeen in die lokasie vir ons 'n kalbas magau kan kry nie.

JIM Black and White, asseblief! (STAMP AAN VOORPRAAT BEGIN LOOP) Al skop wat die White Horse nog het is 'n ou stofskoppie! Ek sê Kortjan: ry maar ligvoets vir die spykers en bottelstukke in die lokasie se strate! Ek meen te sê: Kry jy 'n puncture is daar trouble, want wie gaan die wiel change nou dat daar nie meer 'n ding soos 'n houtkop is nie!

ABIE (ROEP KORTJAN AGTERNA) Stuur vir Sina in. Ek kan nie al my kliënte alleen hanteer nie.

VOORPRAAT (LIG SY GLAS) Op die skenker van die wisselbeker!

JIM (WAT SOMMER EEN VAN VOORPRAAT SE BIERE EN LIG DIT) Op daai case Black and White!

ABIE (HOU INDOENA NOG STEEDS SO UIT DIE HOEK VAN SY OOG DOP) Dankie vriende, ek is skoon aangedaan. (AAN INDOENA) Dis net 'n plesier om vir my vriende te sorg.

VILJEE Abie, hoe praat jy dan nou ook sommer so in die wind in?

ABIE (BY VILJEE) Sien jy hom nie?

VILJEE Nee, ek dink julle jaag almal sommer spoke op.

JIM Never! Die dorp se spoke hou maar by die markklok en in die bloekom!

VILJEE (SEER MAAR BEHEERSD) Asseblief vriende.

ABIE Waarom ou koeie uit die sloot loop graaf

VOORPRAAT Nee, nie ou koeie uit die sloot nie. Stoetramme uit die gruisgat!

JIM (AS SINA IN KROEGMANDEUR VERSKYN) Sina, gooi daar vir Abie en ou Viljee Witfontein elkeen 'n tassie ... hulle is skoon droë keel van die aandoening!

SINA Maar ...

ABIE Skink, Sina! (LIEG DUIDELIK) Jy weet hoe lief is ek vir my tassies ... veral net voor ete. (AAN VILJEE) Jy mos ook, oom Danie. [VILJEE REAGEER NIE.]

JIM (LAG BETEKENISVOL) Maak dit dan sommer bielies, Sina! Daar wag vir hulle heelwat om te sluk!

VOORPRAAT So op hul nugtermaag!

SINA Asseblief boetie ... vergeet nou. Ons maak dan almal vandag 'n nuwe begin. (PLAAS WYN VOOR ABIE EN VILJEE) Asseblief, Boetie?

VILJEE Dankie, vriend. [HY SKUIF DIE GLAS ONGESIENS EENKANT TOE.]

ABIE Dankie, Jim.

SINA (AAN JIM) Een rand asseblief.

JIM Skryf maar daar op die Rugbyklub se I O U. (HY LAG) Cheers Chums! (HULLE DRINK. DEUR DIE SWAAIDEURE KOM 'N KORT FRISGEBOUDE JONGMAN GESTAP)

GERRIE Yes, Abie.

ABIE Môre Gerrie.

GERRIE Oom Danie? Môre Oom! Magtig dis goed om Oom weer te sien. (SKUD BLAD MET VILJEE) Hallo Voorpraat ... yes, Jim. Is jy ok hier?

VOORPRAAT (KNIK MET SY KOP) Gerrie.

JIM Die Arabs het darem al lankal aan die swartes gedink en Saterdae rus die pompe. Petrol permitte raak skaars.

GERRIE Dan kan jy ok mos nou by die klub kom aansluit. (TOT ABIE) Hy lyk so 'n lekker lyf vir 'n stut. (TIK JIM OP SY SKOUER) Hoe lyk dit Jim?

VOORPRAAT Hy kyk maar nog eers die kat uit die boom uit.

VILJEE (SIEN SY KANS OM DIE GESPREK WEER IN 'N GEMOEDELIKE RIGTING TE STUUR) Uitstekende idee. Wat sê jy, Jim?

JIM Mens kan baie dinge uit 'n boom uit kyk. (DRINK) Wie sê Pietman kyk ons nie nou uit hier uit die bloekom nie?

GERRIE Pietman? As Hy kon sou hy nie vinnig genoeg uit daardie boom kom klim om hierdie dag saam met ons te vier nie.

VILJEE Namens my seun, deel ek die sin en vreugde van die dag met julle.

VOORPRAAT Deel? Is dit – 'n mislike smile en hol woorde – jou manier van deel meneer Danie Viljee van Witfontein? (SARKASTIES) Nee, nou raak ek onregverdig. Vergewe my. Hoe deel 'n mens nou net een uit die honderde wat daar is ou stoetooitjie van R6000? Jy sal 'n kaffer of hotnot moet kry om hom te slag. En waarom nou 'n stoetooi van R6,000 slag net om dit te deel? Nooit! Ons wil nie die prys van vleis nog verder opstoot nie. As ons dit doen kos vleis R200 'n kilo! (VILJEE IS GEKWES. TOG VERSTAAN HY)

SINA (PROBEER GESPREK KORTKNIP) 'n Drankie vir u?

GERRIE Dankie juffrou. 'n Kortetjie en coke. Wat drink julle manne?

JIM Voorpraat is nog gelaai ... maar Sina ken my brand.

ABIE Hy vat 'n double, Sina.

GERRIE (POUSE. HY SIEN NATUURLIK NOG NIE VIR INDOENA NIE) Waar's Kortjan dan? (POUSE) Ek dag dan hy is van vandag af die hoofkroegman.

JIM Net gou 'n delivery op sy scooter gaan maak ... 'n maiden voyage die lokasie in!

ABIE Sy hande staan vir niks verkeerd nie.

GERRIE Toe ek my verstand kom kry toe kry ek Kortjan maar by die hotel. Wonderlike mens.

JIM En so religious! (SINA PLAAS JIM EN GERRIE SE DRANKIES VOOR HUL)

VOORPRAAT Een van die dae sit hy saam met jou pa en meneer Viljee op die ouderlingsbank.

GERRIE So what? (LIG SY GLASIE. JIM OOK) Dalk kom ek dan ook weer vir 'n verandering in die kerk. (KLINK SY GLASIE MET JIM EN HOU DIT DAN VIR VOORPRAAT. LAASGENOEMDE HUIWER, LIG TOT SY GLAS EN KLINK MET GERRIE) Voorpraat, vanjaar bring ons die beker terug!

ABIE So moet 'n bek mos praat! (HULLE DRINK)

GERRIE Abie, ek kan jou dit ook nou maar sommer hier voor Voorpraat sê: na Pietman het my aangeë tevergeefs gesoek na 'n paar hande soos Voorpraat s'n.

ABIE (HUIWERIG IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN VILJEE) Ja-nee, ek glo jou, Gerrie.

GERRIE Dis nie net glo nie ... jy kon tog self sien. Dis hoe Teefontein verlede jaar die beker afgevat het.

ABIE — Neewat, vat kan niemand hom nie. (HY WYS NA WISSELBEKER OP RAK) Daar staan hy in al sy glorie.

GERRIE — Net omdat ons hom meer as drie jaar agtereenvolgend gewen het: Feit bly: Teefontein het hom laasjaar gevat al staan hy ook hier.

ABIE — Ai oom Danie, wat sou Pietman tog besiel het. [VILJEE REAGEER NIE

SINA — Dis omdat julle aanmekaar net rugby praat dat die kliënte so skraps is.

JIM — (AAN VOORPRAAT. HY IS NOU AL HEELWAT AANGEKLAM. VOORPRAAT OOK) Lyk my jou ou sussietjie raak op haar nerves oor rugby. (HULLE LAG BETEKNISVOL) Of is dit nou oor Pietman?

GERRIE — Asseblief manne. Dit sou 'n skok vir enigiemand gewees het om hom so te kry.

VOORPRAAT — (KYK NA SINA) Dit moes 'n moerse skok gewees het. Kyk hoe lyk sy nou nog.

SINA — Boetie ...

VOORPRAAT — Ja, my ou sussietjie ... sal ouboeta eerder vir jou iets sing?

GERRIE — Ja sing! Dis 'n dag vir jolyt!

JIM — Jollie patrollie!

VOORPRAAT — (BEGIN TOKKEL OP SY KITAAR) O.K. Sina? Met jou permissie?

ABIE — Natuurlik.

SKITTERY

SCHALK (OP) Die bleddie pos is nog nie in nie. (SIT EENKANT BY TOONBANK)

VOORPRAAT (STEM AAN KITAAR. DAN TREK HY LOS)
En hy vat haar aan haar handjie
En hy lei haar om die randjie
Sinatjie ek is lief vir jou!
(VOORPRAAT HOU SINA FYN DOP TERWYL HY SING. DIT IS DUIDELIK DAT SINA AGTERDOGTIG RAAK. AS HY DIE WOORDE HERHAAL SING OOK ABIE, GERRIE EN JIM HARTLIK SAAM)

En hy vat haar aan haar handjie
En hy lei haar om die randkie
Sinatjie gedenk aan my!
(IN HUL UITBUNDIGHEID MERK NIEMAND, BEHALWE VOORPRAAT NATUURLIK, HOE SINA ONGEMAKLIK WORD EN VOORPRAAT MET VERBYSTERING AANGAAP. VIIJEE STAAR STIL NA SINA.]

GERRIE Waar is Pietman tog? Hy kon so lekker kommunikeer.

ABIE (AAN SINA) Sinatjie, gedenk aan ons. Sing saam!

VOORPRAAT (SPEEL DADELIK WEER. ALMAL BEHALWE SINA EN VIIJEE SING.]
En hy vat haar aan haar handjie
En hy lei haar om die randjie

ABIE Sing saam Sina! (SY REAGEER NIE)

ALMAL Sinatjie gedenk aan my!

SINA O Liewe Here! Nee! (ALMAL SWAAI VERBAASD OM EN KYK NA SINA. NET VOORPRAAT EN JIM STAAN MET UITDRUKKINGSVOLLE GESIGTE NA HAAR EN KYK. VIIJEE LIG SY KOP OMHOOG.] My eie boetie! O Here God!

ABIE Sina?

SINA (IGNOREER ABIE) So dit was jy nê? Sies!

ABIE Maar wat is nou hier aan die gang?

SINA (WOEDEND] Sies!

VOORPRAAT Boerenaaier! (SINA STORM MET DIE KORT VLEISBYLTJIE AGTER DIE TOONBANK UIT EN VOOR IEMAND WEET WAT GEBEUR KAP SY HOM OP SY LINKERVOET) Auh! (BLOED STROOM OOR SY SKOEN EN OP DIE VLOER. GERRIE PLUK BYL UIT HAAR HAND. ABIE EN JIM PROBEER DIE BLOEDING AFBIND) Laat los! My hotklou ... my hotklou is in sy moer!

GERRIE (OP PAD NA DEUR) Ek kry vir dokter.

VOORPRAAT Kom terug! Hy speel tennis en wil nie gesteur word deur die lokasie nie.

JIM Asseblief, gaan.

VOORPRAAT Julle bly net hier! (AAN SINA) Hierdie boerenaaier kan die vloer kom skrop.

GERRIE Ek loop haal vir Dokter. (HY AF)

VOORPRAAT (HY SUKKEL-SLEEP HOMSELF TOT OP TOONBANK. HAAL WISSELBEKER VAN RAK AF. GAAN SIT OP DIE TOONBANK EN LAAT BLOED IN BEKER VLOEI) Nou kan julle kom oorwinning drink!

SINA Pietman! (ABIE, VILJEE EN SCHALK SIT TOTAAL GESKOK) Nou kan julle maar weet. Dit was ek. Dis oor my ... oor ons dat hy dit gedoen het.
(VILJEE STAAR HAAR MET VERBYSTERING AAN)

VOORPRAAT Dis nie oor jou of oor julle nie. Dis oor die vuil vrot wat die gemeenskap aan hom sou smeer ... ja julle. Julle witbefoktheid het jul Pietman na die bloekom gedryf ... en ek het daarvoor

gesorg! O hoe maklik is dit nie ... hoe maklik. In hierdie land, dorp na dorp ... hang die Pietmans in die bome; sterf hulle in gasgevulde motors. (VILJEE LAAT SY KOP TUSSEN SY HANDE SAK)

SINA Waarom het jy vir Bennie gruisgat toe gestuur? Ek't nie met mans rondgelê nie. Dit was net Pietman. (ABIE STAAN VERSTOM. TE VERSLAE OM IN TE GRYP. SKITTERY SCHALK SIT STIL OP SY PLEK)

VOORPRAAT Net Pietman ... dit klink soos "net blankes!" Net soos pa ... vir hom was dit weer: net God. Net Hy! Altyd net Hy, die Here God. En wat word toe van sy altyd toe hy die emmer skop?

JIM Toe sien hy sy God was al die tyd maar net 'n Boer.

SINA Julle is laer as die skuim in die piskrip.

VOORPRAAT (SARKASTIES) Natuurlik is ons laer ... dis mos blanke skuim wat daar salpeter!

ABIE Luister...

VILJEE Voorpraat,asseblief. Jy's'n opgevoede man. Skoolhoof. Leier van jou gemeenskap.

VOORPRAAT [BITTER.] Ek wou Stellenbosch toe. Daar my man loop staan tussen hierdie dorp se uitverkoorne seuns. Ek wou op Coetsenburg gemeet word: man teen man.

VILJEE Jy weet hoe baie van ons gevoel het.

ABIE Op hierdie toonbank het die spaarbussie gestaan ...

SINA (OP EN PLUK SPAARBUSSIE AGTER TOONBANK UIT EN PLAAS DIT OP TOONBANK) Kyk! Jou ondankbare hond!

ABIE Uit hom het seker 80% van jou studie- en sakgeld gekom.

SINA Pietman het nooit minder as 'n vyfrandnoot op 'n keer daarin gegooi nie.

VILJEE Jy sal jou verbaas om te weet wie almal vir jou geleerdheid betaal het.

SCHALK 'n Vaatjie port-en-bitters weggesypel in die sand van Bellville-Suid.

ABIE (TROTS. EINTLIK SPOGGERIG) Die geld wat die Sendingkerk jou gestuur het, kom uit hierdie bussie. Uit my kroeg!

VOORPRAAT Geld! Geld! Geld! Dit stink man.

SCHALK Myne stink na port en bitters maar ek hou daarvan.

VOORPRAAT O nee, dit stink soos alle witgeld. Stink na sweet op die lande, in die skeerhok, in die skaapkraal, in wingerde, myntonnels. Stink na die laventelhals en –polse van 'n nagmaalmêdem, na die polish op duur motors, na sjampoo op poedelhondjies. (HY KRUL VAN DIE PYN) Maar daar's geld en geld. Daar is ook die sente en kleinsilwer uit Jim se fooitjie-blikkie langs die petrolpomp; Sina se tiensente vir 'n afvalsrkop, 'n knypie van ou Afbeen Koela se ongeskiktheidspensioen of oompie Kortjan se karwasbetaaltjie. Dit is geld, ja. [POUSE] Witgeld is rassepaljas!

SINA (BEGIN HOM JAMMER KRY) Boetie ... (KNIEL LANGS HOM]

VOORPRAAT Vra vir haar...

SINA Laat ek nou jou voet verbind boetie. (SY BIND DIE ARE AF MET 'N SKOON TOONBANKDOEKIE)

JIM Vertel Sina. (SY SKUD NET HAAR KOP) Vertel!

SINA Ons was so versigtig .... (AAN VILJEE) .. om sy onthalwe. Ja, sy onthalwe. (IRONIES) Wat kon ek verloor? My goeie naam, my

eer? (BITTER-SARKASTIES) Het jy nou al ooit op hierdie dorp gehoor van 'n meid met sulke tooisels van die kerk.

VILJEE Sina...

SINA (LAG BITTER) Weet jy van liefde op 'n buitepos of in 'n gruisgat? Liefhê .'n Kyk in die oë, 'n aanraking van die hand, maande later 'n soentjie, gesels ... sommer net gesels ... tot op 'n dag as die hel van 'n hele verhouding begin. Plaasmeid speel. Jou vuilste, mees verflenterde vodderok aantrek en agter op die lorrie se bak loop sit. In jou hangkas in die lokasie hang 'n netjiese rok, staan 'n paar nuwe skoene en 'n botteltjie perfume. Langs Pietman is die sitplek leeg. Maar dis te gevaarlik. Dit skep agterdog. Speel liewer plaasmeid dan kom jy dalk net-net daarmee weg. Veertig myl uit plaas toe agter op die bak tussen die stoetramme. Stop 'n buurman dalk langs die pad vir 'n geselsie oor die weer of wolpryse, steek Pietman sy kop by die lorrie-venster uit en skreeu – net om moontlike agterdog die nek in te slaan: "He jy! Moenie sit en slaap nie! As een van daardie ramme gly en 'n been breek breek ek jou fokken nek!" "Nee my baas! Hulle maak net banja ongeskek maar staan darem nog by die bene saam". Maar netnou maak jy weer 'n hek oop en kry 'n glimlag met: "Jy lyk soos 'n veldkoningin tussen die kapokbos. "

VILJEE (AANGEDAAN) Sina, ons verstaan.[POUSE]
Dis rou.

SINA (SARDONIES) Verstaan? Sloot toe of na die gruisgat hier agter om die randjie. Hou net jou oë en ore oop vir 'n motor, 'n donkiekar ... vir enige teken van menslike lewe. Maar dan oorweldig jou liggaam jou. Jou oë en ore toe vir 'n sekond ... en as jy hulle oopmaak skyn die flitslig deur die bakkie se venster, hoor jy Bennie se stem ... weet jy! (SNIK) Boetie, waarom het jy hom gestuur?

VOORPRAAT Hy so nooit gegaan het nie. Ek't hom gesê daar lê 'n treweler met 'n meid in die gruisgat ... selfs daarvoor was hy teensinnig. Maar ek had Jim by my. Hy sou nie daaruit kon kom nie ... hy moes gaan.

JIM En toe Pietman homself in die bloekom loop swing toe chicken hy nog allie tyd. Ons het hom loop sê hy moet die dorp sê waarom.

VOORPRAAT Hy was altyd 'n chicken man.

JIM Toe maak hy ok maar so! En toe ... asof hy wou sorry sê ... toe swing hy homself in daai doringdraad wat die polisie altyd die skaapslagters en leegleers mee bygekom het.

VILJEE Gruwelik, Die mens....

SINA Gruwelik? [POUSE] Die mens.
(SY BARS IN TRANE UIT EN STORM DIE VERHOOG AF)

VILJEE (POUSE) Die mens. (LANG ONGEMAKLIKE POUSE) Die mens...

SINA (KOM OPGESTORM MET HAAR KIND. DIT MOET 'N REGTE BABA WEES. SY IS NOG EMOSIONEEL VERWARD MAAR NIE MEER SO ERG AS TOE SY DIE VERHOOG VERLAAT HET NIE. SY DRUK DIE KIND IN VILJEE SE ARMS EN HY MOET NOODGEDWONGE DIE KIND VASHOU) Gruwelik? [SY KYK VILJEE VOL IN DIE OE.] Hy is net mens.

VILJEE Maar ....

SINA Vat hom! Hy is ;n mens. Hy't 'n lyf en 'n kop ... (SNIK) Hy't 'n hart en 'n stem! En kyk ... (SY LAG EN HUIL DEURMEKAAR) ... hy't handjies en voetjies ook. Hy's nog nie gedoop nie ... maar hy't 'n naam. Ek roep hom Bolbollie ... (SY GEE 'N TREETJIE TERUG) Hy lyk mooi so in jou arms. Vat hom Witfontein toe. Doop hom Pietman! Maar roep hom net Bolbollie. (SY STORM IN TRANE BY DIE KROEGMANDUER UIT. VILJEE SIT MET DIE KIND IN SY ARMS. VERDWAASD STAAN HY OP EN VOLG HAAR MET DIE KIND NOG IN SY ARMS)

VILJEE (TERWYL HY DEUR KROEGMANDEUR STAP) Sina! Sina!

SCHALK (ONGEERG) O Shit! Wat sê sy vrou as hy met die klein pikanien op die plaas aankom?

GERRIE (OP MET DOKTER IN SY TENNISKLERE. SERSANT SAAM MET HULLE) Hier, Dokter.

DOKTER (NADER AAN VOORPRAAT) Laat ons sien wat ....

VOORPRAAT Loop speel jou tennis, man!

GERRIE Asseblief, my vriend.

DOKTER (BESEF DIE ERNS VAN DIE VERMINKING) Druk hom vas. Hy moet dadelik 'n inspuiting teen klem-in-die-kaak kry.
Asseblief. Ek moet jou inspuit. (GERRIE HELP)

VOORPRAAT Ek het baie ... stoetbulle se hakskeensenings ... die senings is almal af ... my boot ... (HY HUIL) my boot man ... 'n voet is fokkol. Jy loop op kierie-krukke en trek 'n lekker pensioen ... maar my boot man ... (HY LIG BEKER VOL BLOED MET DIE EEN HAND) Drink! Drink daarop! (HY STAAN NOU ORENT OP DIE TOONBANK) Skynheilige bliksems! Wit fokkers! (DIE OUBAAS VERSKYN IN DIE KROEGDEUR EN GLUUR VOORPRAAT AAN) Jy ook! (HY SUKKEL VAN TOONBANK AF EN WORD DEUR JIM EN GERRIE ONDERSTEUN AS HY TOT VOOR DIE OUBAAS AANSUKKEL. HY KYK OUBAAS VOL IN DIE OE)
Jou kry mens nie vrek nie.

SERSANT Hy's dronk. Smoordronk.

DOKTER Hy yl nou. Ons moet hom help. (NIEMAND REAGEER NIE)

VOORPRAAT Ons het jou kerke en jou skole tot as verbrand! Jou motors soos visblikkies opgevrommel en jou herehuise murasies tussen die swart wingerde laat staan. Ons het jou amptenare en onderwysers gestenig. Daar lê nie meer 'n klip op die Kaapse vlakte nie. Moet ons dan Tafelberg platvee voor jy sal opgee.Jou kinders keelafsny

in die skoolhekke en jou vrouens verkrag in die kerke? Wat meer? [POUSE] Jou Mirage's sweef voort in die lugstrome van you laaste asem. (HY IS NOU AL BAIE SWAK. HANGENDE AAN JIM EN GERRIE SE SKOUERS DRA-SLEEP HULLE HOM BY DIE KROEGDEUR UIT.

DOKTER Dit bly maar 'n ou nasie op sy eie.

SERSANT Ja, dit kan jy nog 'n keer sê. (INDOENA KYK IN STILTE NA HULLE. SKUD NET SY KOP. DAN STAP HY UIT. POUSE. BUITE SNY 'N DEUNTJIE OP PENNIEFLUITJIE SKRIL DEUR DIE STILTE)

GORDYN

(Rooi Els November-Desember 1977)